Matieland

3:79



"Ek vaar beter by Nedbank."

"Nedbank is my soort bank–
doeltreffend, flink en
vooruitstrewend."

NEDBANK
Nedbank Beperk. Geregistreerde Handelsbank
DIE TOEKOMS LÊ BY DIE NEDBANKERS.

JAARGANG 23
DESEMBER 1979

Matieland

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH DEUR DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING ONDER REDAKSIE VAN DOUGLAS DAVIS

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel en Fokus	3
Rektor ingehuldig	4
Instituut sal Marxisme bestudeer	7
‚Abide with me'	8
Unit for Futures Research	9
Herfsskool in die Tygerberg	10
Louw en Strydom vereer	10
‚Ik ben een Africaander'	11
Stellenbosch by Baken 300	12
Bemakings steeds belangrike bronaar	14
Regsbesoek uit Sri Lanka	16
Bulgaarse leermetode	16
U.S. vra Vredendal om steun	17
Ontwikkeling in Jhb. verskuif	17
U skryf aan . . .	18
Loopbane uitgebeeld	20
Truter de Witt lewer knap bydrae	23
Koor oorrompel oorsese gehore	24
'n Beker en 'n fees om te onthou	26
Christo Viljoen word dekaan	28
Pragwerk van Botha en Fransen	30
Vroue se skenking uniek	31
Van ons donateurs	32
Biblioteekkunde mondig	37
Oudste Oud-Matie sterf	38
Dr. Boonstra gehuldig	41
Prof. Jannie se afskeid	42
Prys herdenk Herr Endler	44
Research vessel for Maties	45
U.S. 'n eg nasionale inrigting	47
Dept. Ontwikkeling soek nog ou foto's	48

Eikestad vier fees—bl. 12

Nellie du Toit na U.S.—bl. 28



Maties put to sea—p 45

VOORBLAD:
Met die viering van Stellenbosch se twee-eeuefees in 1879 het die inwoners van die Eikestad besluit om 'n groot en deftige kollegegebou as 'n blywende herinnering aan hierdie gebeurtenis op te rig. Dié gebou, die Ou Hoofgebou, is in 1886 ingewy, en is steeds een van die mooiste geboue op Stellenbosch. (Foto: Alice Mertens) Lees op bl. 12 meer oor die viering van die Stellenbosse drieeeuefees vanjaar.

Gedruk deur
TRIO-RAND/S.A. LITHO

NAMASTE!

ek begroet die beste in jou!

Visums is verkry vir S.A. paspoorthouers vir Indië, die Fillipyne en Nepal vir die spesiale toer na Colombo, Indië, Katmandu (Nepal), Thailand, Hong Kong en Manilla (in die Fillipyne)

Aangebied deur Jet International Stellenbosch

Toerprys: R1 698

Vertrek: 1 APRIL
en
26 AUGUSTUS

JET INTERNATIONAL

VIR NADERE BESONDERHEDE KONTAK
MATIE OF CHERYL BY POSBUS 3038,
STELLENBOSCH 7600, TEL. 71136

REDAKSIONEEL

Die dorp Stellenbosch het vanjaar luisterryk fees gevier by jaarbaken 300. In sy bestaan van drie eeue het hierdie skilderagtige dorp langs die oewer van die Eersterivier 'n anker in ons land se landboubedryf geword — Stellenbosch is tog immers wynland! Maar dié dorp het ook Matieland geword. Tuiste van die Universiteit van Stellenbosch — „the premier university of Afrikanerdom," soos daar op 'n keer in 'n internasionale Amerikaanse nuustydskrif na dié tuiste van die Maties verwys is.

Dorp en Universiteit was deur die jare 'n hegte en gelukkige eenheid. Juis daarom kon die Universiteit van krag tot krag gaan, diens lewer, en invloed uitoefen wat baie wyd strek. Deur middel van die duisende studente wat aan sy Universiteit afgestudeer het, het die dorp 'n vriendekring oor die lengte en breedte van die land opgebou.

En nou is ons by die wending van nog 'n dekade. Die jare tagtig is op hande. Vir werk wat verrig moet word, hoef daar nie ver gesoek te word nie. Dit is op ons drumpel — hier in Wes-Kaapland.

Kenners is met reg bekommerd oor die tempo van ontwikkeling in die Wes-Kaap. Die gebied het die afgelope twee dekades stadiger gegroei as die land in geheel. Dis alles behalwe bemoedigend want vertraagde groei bring noodwendig groter werkloosheid mee — iets wat allermins bekostig kan word.

In die jare vorentoe sal die Universiteit 'n enorme taak hê om te vervul wat die skepping van werkgeleenthede betref. Die Universiteit sal — op 'n nóg groter skaal as tans — die entrepreneur van môre vir Wes-Kaapland moet verskaf. Dié streek het meer entrepreneurs nodig al beteken dit aanvanklik betreklike klein ondernemings. Maar 'n goeie begin is half gewin, lui die spreekwoord — maak nie saak hoe groot in omvang nie. Die skepping van werkgeleenthede is prioriteit nommer een.

Maar saam met opleiding gaan navorsing. Derhalwe sal dit ook die taak van die Universiteit wees om ook die nodige navorsing te doen sodat tegnologiese ontwikkeling aanpasbaar gemaak kan word vir dié ondernemings. In hierdie verband sit die Universiteit reeds in verskeie opsigte hand by soos bv. met 'n plan vir energievoorsiening, die ontsouting van brakwater, en ander.

Dit is 'n uitgemaakte saak dat wat in Wes-Kaapland in die toekoms gebeur vanselfsprekend 'n invloed sal hê op Stellenbosch. En andersom is dit ook so dat veel in die Wes-Kaap gaan afhang van wat op Stellenbosch gedoen word. Derhalwe sal dorp en Universiteit in die komende jare nóg nouer moet saamwerk om, soos die Rektor, prof. Mike de Vries, dit by geleentheid gestel het, 'n stel norme en denke na vore te bring wat in Suid-Afrika uniek is. Iedere inwoner van Suid-Afrika sal daarby baat, nie net inwoners van Stellenbosch en Wes-Kaapland nie.

☆ ☆ ☆

FOKUS

OUD-STUDENTE van die Universiteit van Stellenbosch speel op alle terreine en in alle beroepe in ons land steeds 'n belangrike rol en hier is nog 'n sprekende voorbeeld — dr. Jacobus Wynand Louw de Villiers is die nuwe president van die Raad op Atoomkrag.

Hierdie briljante wetenskaplike is op 27 Oktober 1929 op Smithfield in die Vrystaat gebore. Nadat hy aan die hoër skool in sy geboortedorp gematrikuleer het, verwerf hy in 1949 die graad B.Sc. op Stellenbosch. In 1951 palm hy M.Sc. cum laude op Maties in en vyf jaar later word die graad D.Sc. op Stellenbosch aan hom verleen.

Dr. De Villiers was van 1952 af vir etlike jare by die W.N.N.R. werksaam en het in Julie 1959 opleiding in reaktorfisika aan die Argonne National Laboratories ontvang voordat hy twee maande later aangestel is by die Raad op Atoomkrag. In 1960/61 doen hy navorsing by die Brookhaven National Laboratories in verband met neutronpulswerk en in die volgende jaar besoek hy verskeie laboratoria in Engeland en Europa.

In September 1964 is hy lid van die Suid-Afrikaanse afvaardiging na die derde Geneefse Konferensie en presies drie jaar later word hy direkteur van die afdeling reaktorontwikkeling by die Raad op Atoomkrag. Nadat hy in 1968 en 1969 weer uitgebreide besoeke aan die V.S.A., Kanada, Europa, Engeland en Australië gebring het, bedank hy in Februarie van die volgende jaar en stig sy eie onderneming bekend as Fisika Praktika (Edms.) Bpk.

Dr. De Villiers het in Junie 1973 vise-president van die Raad op Atoomkrag geword en drie jaar later adjunk-president. Sedert 1 Julie vanjaar is hy president van dié belangrike liggaam.

Dr. De Villiers het 'n indrukwekkende lys publikasies agter sy naam. Daar is 22 in totaal. Hy is voorsitter en lid van verskeie belangrike wetenskaplike komitees. Hy is ook lid van 'n hele aantal beheerrade onder meer dié van die Kerninstituut van die Suidelike Universiteite wat op Faure geleë is.

Hy is in 1953 getroud en het vier kinders.

Bo: Prof. Mike de Vries saam met sy twee voorgangers, prof. Jannie de Villiers (middel) en prof. H. B. Thom. Prof. De Villiers was van 1 Januarie 1970 tot 30 Junie vanjaar Rektor en prof. Thom het dié pos van 1 Januarie 1954 tot 31 Desember 1969 beklee. Prof. Thom speel nog 'n aktiewe rol in universiteitsake en is tans voorsitter van die Adviserende Raad op Universiteite. Prof. De Villiers het baie goed herstel ná sy ernstige hartoperasie in Junie. Hy woon nou op Kampsbaai.

Onder: 'n Trotse moeder, mev. Bessie de Vries, saam met haar twee seuns wat dit reeds ver gebring het in die lewe. Regs is prof. Mike de Vries, die U.S. se Rektor, en links is mnr. Attie de Vries, adjunk-direkteur van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek op Stellenbosch. Die foto is op die geselligheid ná prof. De Vries se inhuldiging geneem.



Bo: Prof. Mike de Vries lewer sy geleentheidsrede pas nadat hy amptelik beklee is as Rektor van die U.S.

REKTOR INGEHULDIG—

amptelik en deur studente

PROF. M. J. de Vries, wat op 1 Julie vanjaar as Rektor van die U.S. aangewys is in die plek van prof. J. N. de Villiers, is op 7 September amptelik ingehuldig. Die plegtigheid het in die H. B. Thom-teater plaasgevind en die ampsbekleding is waargeneem deur die Kanselier, dr. B. J. Vorster.

Die meeste rektore van ander Suid-Afrikaanse universiteite was teenwoordig en onder die talle hoogwaardigheidsbekleërs was onder meer ook verskeie lede van die Kabinet, LV's en burgemeesters van omliggende dorpe.

Na afloop van die plegtigheid is 'n geselligheid in die Langenhoven-studentesentrum aangebied.

Vroeër vanjaar—op 25 Julie—het die studente van die U.S. 'n verwelkomingsplegtigheid vir die nuwe Rektor en vise-rektor in die D.F. Malan-gedenksentrum aangebied. Die Kanselier, dr. Vorster, het spesiaal vir dié geleentheid na Stellenbosch gereis, en die gewese Rektor en mev. De Villiers was ook teenwoordig.

'n Erelapelwapen is aan die Kanselier oorhandig wat op sy beurt die nuwe Rektor en vise-rektor, proff. Mike de Vries en Roux de Villiers, ampsbande omgehang het. As huldeblyk aan die uittredende Rektor, prof. Jannie de Villiers, is 'n vergulde erewapen aan hom gegee.

Etlike duisend studente het die plegtigheid wat deur die Studenteraad aangebied is, bygewoon.

Bo: 'n Foto geneem ná die verwelkomingsplegtigheid van die Studenteraad vir die Rektor en vise-rektor. V.l.n.r. die Kanselier, dr. John Vorster, die Rektor, prof. Mike de Vries, die vise-kanselier, dr. Kosie Gericke, die vise-rektor, prof. Roux de Villiers, en die uitgetrede Rektor, prof. Jannie de Villiers. Proff. De Vries en De Villiers dra nog die ampsbande wat hulle deur die Kanselier omgehang is.



Regs bo: Die studente het proff. De Vries en De Villiers en hulle gades by die Administrasiegebou laat haal in skitterblink ouderwetse motors. Hier is prof. Mike en mev. Renée de Vries net voor die vertrek van die optog na die D.F. Malan-gedenksentrum.

Regs onder: Die model waarmee prof. Roux en mev. Hannetjie de Villiers na die D.F. Malan-gedenksentrum vervoer is, was ietwat meer sportief as dié van die Rektorspaar. Toe dié foto geneem is, is daar nog gewag op 'n bestuurder. Met studente weet mens nooit ... dis g'n wonder die vise-rektor lyk effe skepties nie!

'N NUWE PRAGBOEK OOR STELLENBOSCH

"Die internasionaal bekende fotograaf Alice Mertens, Fellow van die Royal Photographic Society ... (is) die afgelope 15 jaar reeds lektrise in fotografie aan die Universiteit van Stellenbosch, waar die kalme, rustige historiese dorp, ryk aan argitektoniese erfenisse van ou geboue, die inwoners, die boere in hul natuurskone landelike omgewing en die kontrasterende studente met hul polsende aktiwiteite haar tot nuwe hoogtepunte geïnspireer het. In hierdie haar elfde fotografiese boek vertoon sy die driehonderdjarige Stellenbosch soos sy hom leer ken het in sy totaliteit. Gegewelde geboue, slaweklokke, kerke, huise en plase is pragtig gefotografeer in die skoon, helder wintersonlig van Stellenbosch waar die skadu's van die eike soms patrone weef op die spierwit mure."
Uit die voorwoord deur prof. J. N. de Villiers, Rektor: Universiteit van Stellenbosch 1970-1979.
Stellenbosch deur Alice Mertens is uitgegee deur Human & Rousseau Uitgewers, Kaapstad en Pretoria.
Die boek is litografies gedruk op Dukuza Matt Art-papier en het 'n volkleurstofomslag. Formaat: 288 mm × 208 mm. 96 bladsye met 98 swart-wit-foto's.
Voorwoord deur prof. J. N. de Villiers.
Byskrifte in Afrikaans, Engels, Duits en Spaans.
Prys: R9,50 (AVB uitgesluit)
Human & Rousseau,
Posbus 5050, KAAPSTAD 8000.

NEEM STELLENBOSCH SAAM HUIS TOE

STELLENBOSCH TE VOET
deur Hannes Meiring en Ters van Huyssteen
Die geskiedenis van die dorp se bekendste geboue en woonhuise word raak en beknop beskryf, toegelig met sjarmante, fyn lyntekeninge deur argitek Hannes Meiring. Dit is 'n nuttige stapgids vir toeriste — en inwoners.
R8,50 + 34c AVB.

FOOT-LOOSE IN STELLENBOSCH
deur Hannes Meiring en Ters van Huyssteen
Hierdie Engelse weergawe van bostaande titel word veral aanbeveel vir buitelandse besoekers en mense uit die binneland.
R8,50 + 34c AVB.

STELLENBOSCH VILLAGE 1920-1950
Margaret Hoskyn
'n Ou inwoner se kleurryke, persoonlike herinneringe aan haar dorp, die mense en gebeurtenisse, nog in die geur van die Victoriaanse tydperk. Dit is mooi geïllustreer.
R5,95 + 24c AVB.
Beskikbaar by goeie boekhandelaars
Tafelberg-Uitgewers
Posbus 879, KAAPSTAD 8000.

Instituut sal Marxisme bestudeer

'n INSTITUUT vir die studie van die Marxisme—die eerste een van hierdie aard in Suid-Afrika—is onlangs aan die Universiteit van Stellenbosch ingestel. Die hoof van die departement geskiedenis aan die U.S., prof. D. J. Kotzé, is aangestel as die eerste deeltydse eredirekteur van dié instituut, wat op 1 April volgende jaar amptelik met sy werksaamhede sal begin.

Die Rektor, prof. M. J. de Vries, se aankondiging teen die einde van Augustus oor die stigting van die nuwe instituut het gevolg kort op 'n televisie-onderhoud waarin die adjunk-minister van Verdediging, mnr. H. J. Coetzee, gewaarsku het dat Oos-Duitsland vir die R.S.A. 'n groter gevaar inhou as Kuba en dat Suid-Afrika moet kennis neem van Rusland se baie duidelik omlynde planne vir Suider-Afrika.

Die Instituut sal eersterangse akademiese navorsingswerk doen oor verskillende aspekte van die kommunisme en wetenskaplike verslae daaroor opstel, om sodoende 'n goeie basis te verskaf vir instansies wat beoog om die kommunisme op verskillende terreine te bestry.

Die gedagte aan 'n Instituut vir die Studie van die Marxisme het reeds enkele jare gelede aan die Universiteit van Stellenbosch ontstaan. Die skepping van so 'n instituut is in 1976 in beginsel deur die Universiteitsraad goedgekeur, en 'n loodskomitee, onder die voorsitterskap van prof. Kotzé, is toe aangestel om voorbereidingswerk hieroor te doen en aspekte soos die finansiering daarvan te ondersoek.

Die doelstellings van die instituut sal hoofsaaklik wees om bronnemateriaal te versamel oor die Marxistiese Kommunisme in die algemeen en veral in Suid-Afrika, en om navorsing te doen oor die agtergrond, ontwikkeling en werkpatrone van die kommunisme asook om 'n diepgaande studie van die kommunisme in Suid-Afrika te doen.

Interdissiplinêre navorsingsprojekte sal ook gestimuleer en gekoördineer word, en die instituut sal kan dien as 'n vraagbank vir die staat en ander openbare en private instellings, ondernemings en persone wat met die politieke en ekonomiese praktyke te doen het. Wetenskaplik gekontroleerde inligting oor die kommunistiese teorie, strategie en taktiek kan sodoende aan goedgekeurde instansies voorsien word.

Die instituut sal funksioneer onder die leiding van prof. Kotzé as deeltydse ere-direkteur bygestaan deur navorsings- en administratiewe personeellede. Prof. W. P. Esterhuyse, hoogleraar in filosofie aan die U.S., is die eerste voorsitter van die beheerkomitee van die Instituut.

In akademiese kringe word die behoefte aan so 'n navorsingsinstelling reeds enkele jare sterk aangevoel, sê prof. Kotzé. Baie navorsingswerk oor die kommunisme is reeds deur dosente van die U.S. gedoen, en daar is ook allerweë gevoel dat Stellenbosch die aangewese plek vir so 'n instituut sal wees.

Gedurende die afgelope aantal jare is 'n aantal baie belangrike bronnepublikasies en werke oor die kommunisme reeds vir die Universiteit se Carnegie-biblioteek aangekoop. Dit sal as kern vir die nuwe Instituut se werksaamhede gebruik kan word.

Koerante, waaronder kommunistiese lyfblaaie, sal 'n belangrike deel van die navorsingsbronne vir die instituut se werk oor die kommunistiese bedrywighede in Suid-Afrika wees — en die Suid-Afrikaanse Biblioteek in Kaapstad, waar die beste koerantversameling in die land aangetref word, is ook relatief byderhand.

Kursusse oor die kommunisme as ideologie en as geskiedenismakende faktor word ook reeds 'n geruime tyd op senior vlak aan die Universiteit aangebied, sê prof. Kotzé.

Hy is onder andere self die skrywer van verskeie belangrike boeke oor die kommunisme. Sy nuutste boek oor dié onderwerp, Communism and South Africa, het onlangs verskyn. Prof. Kotzé (aan wie die Stalsprys van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1974 toegeken is) het baie van sy navorsingswerk oor die kommunisme tydens lang tydperke van studieverblyf in Europa gedoen.

Prof. D. J. Kotzé

Verskillende departemente in verskeie fakulteite aan die Universiteit sal by die instituut se navorsingswerk betrek kan word. Dit sluit in die departemente geskiedenis, filosofie, staatsleer, staatsfilosofie, Afrika-Studie, sosiologie, sielkunde, ekonomie en volkekunde in die fakulteit lettere en wysbegeerte; asook die fakulteite van teologie, regsgeleerdheid, opvoedkunde en handel en administrasie.

Oor die belangrikheid van die kommunisme, soos dit vandag aangetref word (te wete die Marxisme en sy uitlopers), sê prof. Kotzé dit is merkwaardig dat hierdie ideologie so vinnig versprei het dat die omvang en tempo van dié verspreiding slegs vergelyk kan word met die verspreiding van Islam in die agste en negende eeue n.C. Binne 125 ná Marx en Engels se „Kommunistiese Manifes" in 1848 het hulle volgelinge toegeneem tot meer as 1 300 000 000 mense — meer as 'n derde van die wêreldbevolking.

‚ABIDE WITH ME'

Kersfees is 'n tyd wanneer mens aan vorige Kersfeeste dink. Sommige onthou jy langer as ander, want dit is 'n tyd wanneer mens se gevoelens teerder is as in enige ander deel van die jaar. Gus Cluver, Oud-Matie, Stellenbosser en baie jare al een van ons land se top-koerantmanne, het hierdie storie spesiaal vir Matieland geskryf. Hy vertel van 'n Oukersaand, toe hy nog kind was, wat hy nooit sal vergeet nie ....



'n MENS verbind Kersfees in die eerste plek met kinders en die Kersfeeste wat ek die helderste in herinnering kan roep, is dié uit my eie kinderdae.

Dae voor die tyd bou die opwinding op oor wat alles gaan gebeur, maar veral oor die geskenke: Gaan ek hierdie Kersfees daardie trapfiets kry, of sal ek nog 'n jaar moet wag? Gaan die boom betyds afgelewer word? Het ons genoeg kersies en blink goetertjies om die takke mee te versier?

Sommige van die versierings is koekies wat spesiaal vir die geleentheid gebak is. Dennebolle word bymekaar gemaak en met goud of silwerverf behandel.

Onder, voor die boom, kom die krip met die Bybelse figuurtjies rondom die Christus-kind. Bo-oor die dak van die stalletjie sal spierwit engele, uit papier gemaak, deur die hitte van 'n enkele kersie in die rondte sweef.

Dis Oukersaand. Kersliedere word gesing. Ons het alles self gedoen — dit was lank voordat die radio, en selfs die grammofoon, op die toneel verskyn het.

Daar was 'n tyd toe, pleks van op Oukersaand, ons die geskenke eers die volgende oggend onder takke van die boom gekry het. Pa en Ma het dit daar neergesit, maar ons het tog geglo dat iets mistieks, soos 'n Sinterklaas, darem ook 'n handjie bygesit het.

Een Kersoggend het ek baie vroeg wakker geword. Ek kon die gekwetter van die voëltjies hoor, maar dit was nog pikdonker. Ek het saggies deur die donker gange na die groot woonvertrek voor in die huis, gesluip. Was die geskenke dalk al daar?

Toe ek die kamer binnegaan, gaan staan ek doodstil. Ek kon nie glo wat ek aanskou het nie: Die Bethlehem-ster, wat ons van „engelehare" self gemaak het, het in die donker vertrek bo op die boom helder geskitter. Dit het my betower. Skielik het ek bang geword en na my slaapkamer gevlug.

Eers lank daarna het my broer my vertel dat hy as 'n blote proefneming die ster in fosforverf gedoop het.

Oukersaand was ook die aand waarop die bruinmense by ons wonings kom sing het. Die skuifraamvensters het dan altyd wawyd oopgestaan, hoewel die hortjies toegehou is. As jy wakker is, kan jy hoor hoe hulle van huis tot huis nader kom.

Uiteindelik is hulle hier op ons erf, langs die huis. Dan gaan ons almal uit saam met Pa daar op die breë stoep. Voorsorg is getref vir koeldrank en beskuitjies.

Maar daar was een Oukersaand wat ek dadelik besef het daar skort iets met die singery. Al die gewone Kersliedere is gesing en uiteindelik ook Stille Nag, Heilige Nag.

Pleks van dankie te sê en die verversings aan te bied, vra my pa: „Waar is Bennie Arendse dan?" Niemand het geantwoord nie. Bennie was al die jare die voorsinger en sy suiwer tenoorstem kon jy altyd bo al die ander duidelik hoor.

Toe praat een: „ Meneer was weg, anders sou meneer daarvan gehoor het. Bennie is die begin van die week oorlede. Ons het hom eergister begrawe."

Pa was sigbaar geskok. Dit was ondenkbaar dat Bennie Arendse se stem nooit weer op Oukersaand gehoor sou word nie. Pa, wat iemand was wat nooit na woorde gesoek het nie, was spraakloos. Toe het dit skielik gebeur ....

Eers baie sag, soos die gedruis van die aandluggie in die eikeblare, maar daarna harder en harder en harder totdat 'n magtige crescendo bereik is, wat die hele dorp moes gehoor het.

Nooit weer het ek gehoor dat **Abide with Me** só gesing word nie. Nooit weer het ek **Abide with Me** op Oukersaand gehoor nie.

Only of its kind in S.A.

UNIT FOR FUTURES RESEARCH

THE Unit for Futures Research at the University of Stellenbosch is at present the only institution of its kind in South Africa. It was established in 1974 as a specialised unit of the Bureau for Economic Research with the aim to study the medium to long-term future of South Africa.

Throughout history man has sought to know the future or at least to anticipate the implications of his intended actions. Modern futures research can be distinguished from earlier approaches of "predicting the future" on two counts. Firstly, one is dealing here with scientifically accountable forecasts of the future. Secondly it is the aim of modern futures research to establish what the future *may* look like under certain pre-conditions and trends, and not what it *will* look like. The practical applications of futures research are to be found in strategic planning.

The beginnings of organised futures research can be dated from 1944 when the United States Air Force commissioned a study on future military technological capabilities. After World War II scientists and the military in the U.S.A., impressed by such technological breakthroughs as radar, the nuclear bomb and transformed warfare, began to search on a regular basis for ways in which the nature of the next war could be predicted and planned for in advance. The Rand Corporation, prototype of the future oriented "think-tanks", was formed in 1947 as an outgrowth of these activities.

Contemporary futures research serves two target areas namely governmental decisionmaking and corporate decisionmaking in the private sector. In the United States the U.S. Congress has, in many ways, already institutionalised the study of the future. New Congressional support organisations have been developed whose primary orientation is with the future, and existing support organisations have been asked to develop some component of their operation which will deal with long-term analysis. The importance attached to futures research in business communities all over the world is clear from its proliferation in curricula of business schools in, for example, the U.S.A., Britain and France.

Today futurists such as Herman Kahn of the Hudson Institute, Daniel Bell of Harvard, Jay Forrester of the Massachusetts Institute of Technology (and of "Club of Rome" fame), Zbiqniew Brzezinski (U.S. security adviser), Willis Harman of Stanford, the Frenchman Bertrand de Jouvenel, and Germany's Robert Junck are some of the more important intellectual leaders of a rapidly developing academic discipline.



DR PHILIP H. SPIES is Head of the Unit for Futures Research. Dr Spies is a graduate of Stellenbosch and of Iowa State University in the U.S. where he obtained a doctorate in Economics.

As mentioned previously the Unit's main aim is to study the medium to long-term futures of South Africa. In doing so it has two major functions. Firstly it has an information function which is aimed at gathering, analysing and presenting futures information across a wide spectrum of topics covering economic, institutional, social, political, physical and technological change. This information is geared to assist top management in strategic planning — especially in scanning the business environment for trends that could pose a threat, constraint or possible opportunity.

The second function of the Unit is to encourage interest in the study of long-term trends amongst academics, researchers as well as the general public. An exclusive futures information service, consisting of bulletins, newsletters and top-management presentations is supplied to Associates of the Unit. These Associates include large South African companies as well as a few of the major public sector institutions in South Africa.

Because of the multidisciplinary nature of futures research it is necessary to systematize knowledge from a wide spectrum of study areas. Moreover the changing nature of social problems may require flexibility in organisation. The Unit for Futures Research therefore adopted Alvin Toffler's *"ad-hocracy"* as a relevant organisational strategy for scanning changes in the social environment and in the reporting of observed longrun trends. Through this procedure a relatively small nucleus of expertise at the Unit supplies a framework for inquiry.

It is assisted in the actual environmental scanning and information collection activities by a system of specialist co-ordinators and a brains trust of specialist co-workers. These co-ordinators and co-workers serve the Unit on a part-time basis; in general they represent academics and research-workers in various specialised areas such as energy, agriculture, ecology, politics and labour.

By documenting information and distributing it to co-ordinators, co-workers, associates and other interested parties, the Unit serves as an information management and processing institution thereby releasing knowledge about longrun changes for strategic decisionmaking.

HERFSSKOOL IN DIE TYGERBERG

DIE jaarlikse Herfsskool van die Universiteit word aanstaande jaar die eerste keer nie op Stellenbosch nie maar in die gebouekompleks van die Universiteit se fakulteit geneeskunde by die Tygerberg-Hospitaal op Parowvallei gehou.

Vernuwing is die sentrale tema van dié Herfsskool, wat van Maandag 31 Maart tot Woensdag 2 April sal duur. Dit sal die U.S. se sesde jaarlikse Herfsskool wees.

Die vyf subtemas waaroor dié lesings oor vernuwing aangebied gaan word, is: Kunsperspektiewe; Op die voorposte van die mediese wetenskappe; Die grootstad — ons nuwe woonplek; Kommunikasie in die moderne samelewing; en Die verhaal van Suid-Afrika vanuit 'n ander hoek.

'n Dertigtal kenners sal referate voordra en deelneem aan groepbesprekings. Só sal prof. Larry Scully, hoof van die departement beeldende kunste aan die U.S., en die bekende kunstenaar mnr. Eric Laubscher, referate oor kuns aanbied.

Verstedeliking en die sosiale, ekonomiese en behuisingsprobleme wat daarmee gepaard gaan, kom ook onder die soeklig. Naas referate oor aspekte van die grootstad, sal begeleide toere na Kruispad en Michellsvlakte aangebied word.

Bekendes soos prof. Piet Cillié, afgetrede hoofredakteur van Die Burger en tans hoof van die departement joernalistiek aan die U.S., en dr. Jan Schutte van die S.A.U.K., sal kommunikasie in die moderne samelewing ontleed, met verwysing na die pers, televisie, museums en biblioteke. Moderne kommunikasietegnieke en veral die gebruik van die rekenaar, word ook bespreek.

Navorsing oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf die vroegste argeologiese fondse tot die resente geskiedenis-in-wording sal deur 'n argeoloog en verskeie geskiedkundiges vanuit interessante nuwe gesigspunte belig word. Die bekende geskiedkundige dr. Anna Böeseken (wat in Desember vanjaar 'n eredoktorsgraad van die U.S. ontvang) sal o.m. 'n lesing lewer oor die eerste vestiging deur blankes in Suid-Afrika.

Onder die subtema, Op die voorposte van die Mediese Wetenskappe, sal referate aangebied word oor o.m. die fluoridasie van watervoorrade, die beheer van griep, die mediese hantering van bejaardes, hartchirurgie, en etiese aspekte in die verloskunde en ginekologie.

Deur die Herfsskool in die Tygerberg aan te bied, bring die organiseerders dit nader aan die inwoners van Kaapstad, en veral die noordelike voorstede, en word sodoende ook tot die brandstofbesparingsveldtog bygedra.

Nadere besonderhede oor die Herfsskool kan verkry word van die Organiseerder, Herfsskool 1980, Universiteitskantoor, Stellenbosch 7600. (tel. 2222, bylyn 34.)

Louw en Strydom vereer

Prof. H. A. Louw ***Prof. D. K. Strydom***

Die dekaan van die fakulteit landbou aan die U.S., prof. H. A. Louw, en die hoof van die Universiteit se departement hortologie, prof. D. K. Strydom, is twee van die vier persone wat vroeër vanjaar deur die Misstofvereniging van Suid-Afrika met erelidmaatskap vereer is.

Geografie: *Aandag oud-studente*

In Julie aanstaande jaar is dit presies 60 jaar dat die departement geografie aan die U.S. met die aanstelling van Piet Serton, die jeugdige Utrechtse doktor in ekonomiese geografie, as eerste hoogleraar in aardrykskunde, tot stand gekom het. Dié departement is die oudste van alle departemente geografie in Suid-Afrika. Wat personeel en studentetal betref, is dit ook die grootste onder residensiële universitiete. Die gedagte is om dié geleentheid met 'n bundel vakkundige opstelle te gedenk, een waarvan oor prof. Serton se werk as geograaf op Stellenbosch sal handel. Vir dié doel wil ons graag met oud-studente wat in die jare twintig, dertig en veertig by prof. Serton klas geloop het, in verbinding tree. Inligting wat verlang word sluit in aspekte soos struktuur en inhoud van kursusse — ons sou bv. graag stelle aantekeninge van prof. Serton se tweedejaarlesings oor Europa en sy derdejaarlesings oor politieke geografie wou bekom vir kopiëring. Ook enigiets oor departementele prosedures, huisvesting en apparaat, bedrywighede buite die klaskamer, persoonlike indrukke en staaltjies oor die personeel. Ons is ons voorgangers dit verskuldig om hierdie op te teken. Skakel asseblief per brief of per telefoon met *prof. Barnie Barnard, Departement Geografie, Universiteit van Stellenbosch 7600. (Tel. Stellenbosch 5430).*

Steen vir eerste Afrikaner onthul

‚IK BEN EEN AFRICAANDER'

DIE voorsitter van die F.A.K., prof. Gawie Cillié, het op 7 November op Stellenbosch 'n gedenksteen onthul ter ere van die eerste mens wat homself 'n Afrikaner genoem het. Hy was die 17-jarige Hendrik Bibault wat op 6 Maart 1707 in 'n onderonsie met die plaaslike landdros gesê het: ,,Ik ben een Africaander."

Die oprigting van die gedenksteen is die vervulling van 'n wens van wyle prof. J. L. M. Franken, hoogleraar aan die U.S., wat in 1929 tydens Stellenbosch se 250-jarige bestaansviering 'n pleidooi in dié verband gelewer het.

Twee Stellenbosse dames, mevv. Toos Snijman en Miems van Huyssteen, het vroeër vanjaar die pleidooi van prof. Franken by die F.A.K.-Skakelkomitee van Stellenbosch aanhangig gemaak. In daardie stadium was mnr. Koos Oosthuysen, gewese redakteur van Matieland en persoonlike assistent van die Rektor, voorsitter van die Skakelkomitee. Hy het gemeen dis 'n blink gedagte en het hom sterk daarvoor beywer.

Op 15 Februarie vanjaar het die algemene vergadering van die Skakelkomitee die projek eenparig goedgekeur dat 'n gedenksteen in medewerking met die U.S. opgerig word om aan die wens van prof. Franken uitvoering te gee.

Die gedenksteen is opgerig op die grasperk voor die Utopia-tehuis vir bejaardes aan die bo-ent van Dorpstraat. Dit was, volgens wyle prof. Franken, die presiese plek waar Bibault die woorde in die ou Stellenbosse meul van destyds geuiter het.

Hy en drie van sy maats was besig om uiting te gee aan hulle vreugde oor die nuus dat die Here 17 die geskil tussen boer en amptenaar besleg het. Hulle het op uitbundige wyse bakke meel omgekeer. Toe die landdros, ene Starrenburg, hulle betrap en met 'n rottang te lyf gaan, het Bibault uitgeroep: ,,Ik wil niet lopen, 'k ben een Africaander. Al slaat den Landdrost mijn dood, of al setten hij mijn in den tronk, ik sal nog wil niet swijgen!"

Mnr. Koos Oosthuysen (links) en mevv. Toos Snijman en Miems van Huyssteen, wat hulle sterk beywer het vir die oprigting van 'n gedenksteen ten ere van Hendrik Bibault, verskyn hier saam met prof. Gawie Cillié, voorsitter van die F.A.K. (regs) en ds. Willie van Rensburg, huidige voorsitter van die F.A.K.-Skakelkomitee op Stellenbosch, pas nadat die gedenksteen deur dr. Gawie onthul is.

STELLENBOSCH BY

Die Simon van der Stelfees was vanjaar een van die groot hoogtepunte van Stellenbosch se drie-eeuefeesvieringe en is gehou van 10 tot 14 Oktober. Dié fees word jaarliks net vir een dag gehou om die verjaardag van die stigter van die dorp te gedenk. Vanjaar het die goewerneur op 10 Oktober per koets van die Kasteel in Kaapstad vertrek op 'n tweedaagse reis na sy kolonie, Stellenbosch. Die tog was langs dieselfde roete wat Van der Stel gevolg het. Op Stellenbosch is die goewerneur luisterryk ontvang en die fees is eers op 14 Oktober afgesluit met 'n erediens in die Moederkerk. Hier kom die goewerneur, verpersoonlik deur mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van ontwikkeling aan die U.S. (tweede van links), saam met sy gevolg by die verjaardagmaal aan. Dié geleentheid is Vrydagaand 12 Oktober in die stadsaal aangebied.



STELLENBOSCH se drie-eeuefeesvieringe het vanjaar oor die hele land uitgekring. Dit kon ook nie anders nie, want uit dié skilderagtige dorp wat op 8 November 1679 deur goewerneur Simon van der Stel ontdek is, het al baie paaie geloop om invloed uit te dra na alle dele van ons groot land. Dit was derhalwe nie net Stellenbosch wat fees gevier het nie, maar die hele land.

Baie het vanjaar op Stellenbosch gebeur. Daar was kongresse, simposiums, uitstallings, saamtrekke, sportbyeenkomste—almal so gereël om vanjaar op Stellenbosch plaas te vind. Reeds van vroeg vanjaar was die Eikestad in feestelike stemming. Van oraloor het mense na Stellenbosch gestroom om deel te hê en mee te doen aan al die feestelikhede.

Die hoogtepunt van die 300-jarige feesvieringe was op Woensdag en Donderdag 7 en 8 November. Sowat 5 000 skoolkinders het die Woensdagmiddag laat deelgeneem aan 'n program van historiese tablo's wat in die Danie Craven-stadion aangebied is. Die volgende dag was al die skole en die Universiteit gesluit. 'n Gewyde program is vroeg die oggend in kerke en skole op die dorp aangebied en daarná het almal teruggekeer na die stadion vir die Staatspresident, mnr. Marais Viljoen se feesrede. Die res van die program het bestaan uit verbymarse deur eenhede van die Burgermag, vlaghysings, 'n groot dorpskermis en ander funksies en jolyt.

Die historiese skouspel in die Danie Craven-stadion het Woensdagaand 7 November begin toe 'n groot groep skoolkinders die berge, water, plantegroei en grond van Stellenbosch in onderskeidelik blou, wit, groen en bruin kleredrag simbolies uitgebeeld het. Hier kom goewerneur Simon van der Stel en sy geselskap in die skilderagtige Stellenbosch-vallei aan . . .

BAKEN 300

Bo: Sowat 800 bruin skoolkinders het ook op 7 November aan die historiese skouspel in die Danie Craven-stadion deelgeneem. Die kinders, in wit geklee, het die syfers 100. 200 en 300 in rooi uitgebeeld namate die geskiedenis voor die skare afgespeel het. Hier doen die kinders ritmiese oefeninge voordat 'n syfer uitgebeeld word.

Onder: Kleurvolle 17e eeuse kleredrag het besondere luister aan die historiese skouspel verleen. Hier is senior leerlinge aan skole op Stellenbosch besig om passies in hul kostuums uit te voer.

Onder: Die Staatspresident lewer die feesrede in die Danie Craven-stadion.



Wyle dr. Tinie Louw (links) verskyn hier saam met dr. Phil Weber, gewese voorsitter van die Nasionale Pers, met wie hy jare lank in die Raad van die U.S. gedien het. (Dr. Weber is steeds lid van die Raad.)

BEMAKINGS BELANGRIKE

WISPELTURIGE ekonomiese toestande soos kwynende opbrengs op beleggings, wegholinflasie, en stygende brandstofpryse het universiteite net so nadelig as enige ander instansie getref. Die rieme moet al hoe dunner gesny word. Daarom is uitgestelde skenkings, waaronder testamentêre bemakings die belangrikste bron is, in hierdie tye vir universiteite van groot waarde. En die Universiteit van Stellenbosch is trots, en baie dankbaar, dat oud-studente en ander vriende en weldoeners die afgelope jaar weer só positief gereageer het op versoeke in dié verband.

Mnr. Andries Esterhuyse, adjunk-direkteur van die departement ontwikkeling, beskryf dié steun as rede tot groot waardering en besieling. ,,Ons is weer eens getref deur die lojaliteit van oud-studente en deur die pragtige gesindheid van ander mense wat Stellenbosch bevoordeel hoewel hulle nooit hier gestudeer het nie. Dit is merkwaardig hoe bemakings tot stand kom en dikwels van mense van wie dit nooit verwag word nie,'' het hy gesê.

Mnr. Esterhuyse het bekend gemaak dat testamentêre bemakings ten bedrae van R8 200 000 die afgelope vier jaar gefinaliseer is. ,,Die U.S. ontvang elke jaar gewaardeerde bedrae uit boedels en weens die wye en positiewe weerklank onder talle mense in dié verband, kan ons net hoop en vertrou dat dié stroom in die toekoms nog breër sal vloei. Geen bemaking is te klein of onbelangrik nie. Elk sal eendag bydra om 'n standhoudende bron beskikbaar te stel wat die lewens van geslagte studente sal raak.''

Hy het op 'n paar maniere gewys waarop oud-studente en vriende die Universiteit kan bevoordeel, naamlik:

- 'n testamentêre bemaking
- 'n lewenspolis wat aan die Universiteit gesedeer word
- aandele of ander beleggings wat aan die Universiteit oorgedra word met die verstandhouding dat die Universiteit 'n voorafbepaalde inkomste daarop tydens sy/haar lewe aan die betrokke persoon betaal
- lenings teen 'n lae rentekoers aan die Universiteit met die verstandhouding dat die kapitaal na die afsterwe van die persoon aan die Universiteit oorgedra word
- 'n testamentêre bemaking wat nie net kontant of realiseerbare bates verteenwoordig nie, maar ook kunswerke en/of versamelings wat vir die nageslag van groot waarde kan wees.

In die geval van 'n testamentêre bemaking kan dit 'n ongebonde bemaking of 'n bemaking met spesiale voorwaardes wees. Dit spreek vanself dat die Universiteit ongebonde bemakings aan die Eeufeesfonds verkies, omdat die opbrengs dan aangewend kan word waar dit die meeste benodig word. Bemakings met spesiale voorwaardes is egter net so welkom, want daar bestaan behoeftes wat in die voorsienbare toekoms nie bevredig kan word nie. Hier is dit egter belangrik dat die saak vóóraf met die departement ontwikkeling bespreek word.

Mnr. Esterhuyse vestig die aandag daarop dat wanneer 'n persoon in sy boedel 'n bemaking aan die Universiteit doen, sodanige skenking vrygestel word van boedelbelasting.

Die U.S. het die afgelope tyd voordeel getrek uit verskillende boedels, onder meer dié van:

- wyle **mej. E. B. Viljoen** – sy was hoof gesondheidsinspektrise van die Unie, en later van die Republiek, en het in Tamboerskloof, Kaapstad, gewoon waar sy op 17 Februarie vanjaar in die ouderdom van 80 jaar oorlede is. Mej. Viljoen was 'n wyd belese en berese persoon wat veel vir haar medemens gedoen het. Haar bemaking sal aangewend word vir 'n studiebeurs. Sy het ook 'n aantal boeke oor die geskiedenis en die letterkunde aan die U.S. nagelaat;
- wyle **mnr. G. B. B. Rubbi** – hy was 'n Italianer van geboorte wat in 1890 na Suid-Afrika gekom het en in 1946 oorlede is. Met die afsterwe van sy vrou op 27 Augustus vanjaar is die U.S. ruim begunstig uit sy boedel. Mnr. en mev. Rubbi het nie kinders gehad nie. Mnr. Rubbi was goed bevriend met mnr. J. G. van der Horst – hy is 'n oom van die bekende mnr. Jan van der Horst van die Ou Mutual wat ook 'n lid van die Raad van die U.S. is – en volgens 'n vriend was dit ook hý wat hom beïnvloed het om geld aan Stellenbosch na te laat. Mnr. Rubbi het bepaal dat dié geld ten bate van die departement wiskunde aangewend moet word. Wyle mnr. Rubbi was 'n bekende in die boubedryf in die Moederstad en het onder meer die gebou van Ou Mutual in Darlingstraat opgerig;
- wyle **mev. S. H. Pretorius** – sy het op Stellenbosch gestudeer in die dae van die Victoria-Kollege. Mev. Pretorius, wat op 9 November verlede jaar oorlede is,

het etlike jare lank sendingwerk in die Soedan gedoen. Sy was 'n nooi Geldenhuys wat in 1960 met wyle mnr. Pretorius getroud is. Hy was 'n sendelingonderwyser in Malawi. Mev. Pretorius se bemaking aan die Universiteit word as 'n ongebonde skenking in die Eeufeestrustfonds gestort;

- wyle **mnr. R. D. Lambert** – hy was 'n bekende Kaapstadse prokureur wat ruim skenkings gedoen het aan liefdadigheid en ander instansies. Sy erflating aan die U.S. sal aangewend word vir die aankoop van boeke vir die departement Engels. Prof. J. A. Matthee van die departement rekeningkunde aan die U.S. was instrumenteel in dié bemaking;
- wyle **mnr. C. G. de K. du Toit** – hy was een van Stellenbosch se oudste Oud-Maties wat jare lank in Huis Magnolia in Bellville ingewoon het. Hy was 'n baie lojale oud-student wat in sy leeftyd gereeld ook boekeskenkings aan die U.S. gedoen het. Mnr. Du Toit was van 1913-1917 student op Stellenbosch. Sy bemaking aan die Universiteit is ongebonde en word in die Eeufeestrustfonds gestort.

STEEDS BRONAAR

Die familie van wyle **dr. M. S. (Tinie) Louw,** een van ons land se bekendste Afrikaanse sakeleiers wat nog kort voor sy dood 'n bedrag van R100 000 aan die U.S. geskenk het, het goedgunstiglik ingestem om sy persoonlike versameling boeke, dokumente, e.d.m. aan die Universiteit te skenk.

Hierdie skenking is vir die Universiteit van Stellenbosch van besondere en blywende waarde want dr. Tinie sal in die geskiedenis onthou word as die man wat daadwerklik opgetree het toe die ekonomiese veld vir die Afrikaner nog braak gelê het. Hy het die Afrikaanse sakewese op suksesvolle en opwindende paaie gelei. Hy het sy studies in 1907 op Stellenbosch voltooi en sy Alma Mater het reeds in 1939 aan hom 'n eredoktorsgraad in die handel toegeken.

Die U.S. is voornemens om dié waardevolle skenking van wyle dr. Tinie, wat ook die meubels van sy studeerkamer en kantoor insluit, in 'n gebou uit te stal wat ingerig sal word as museum vir die bewaring van kosbaarhede van sakeleiers uit Afrikanergeledere.

Die Universiteit se hoofbibliotekaris, mnr. Flooi du Plessis, het dr. Tinie se versameling dokumente beskryf ,,as van besondere waarde vir navorsing deur studente in die handel en administrasie''. Mnr. Andries Esterhuyse sê die Universiteit is mev. Susan Louw en haar seuns baie dank verskuldig vir hulle mooi gesindheid en hartlike



Wyle dr. Hendrik Brink (middel) is hier afgeneem saam met die Universiteit se Kanselier en vise-kanselier, dr. John Vorster en dr. Kosie Gericke. Dit was op 13 Desember 1968 toe 'n eredoktorsgraad aan dr. Brink verleen is.

samewerking. ,,Mej. Bekker, die enigste sekretaresse wat dr. Tinie ooit gehad het, se hulp in dié verband was ook onmisbaar. Aan haar sê ons ook 'n groot dankie,'' het mnr. Esterhuyse bygevoeg.

Gedenkskenkings – die wyse waardeur agtergeblewendes verseker dat die oorledene se naam aan sy Alma Mater bly voortleef – vind steeds al hoe groter inslag onder Oud-Maties.

Die jongste gedenkskenking is ter ere van wyle **dr. C. H. (Hendrik) Brink,** die bekende Afrikaner-ekonoom. Sy eggenote en kinders het besluit om uit dankbaarheid teenoor die U.S. vir die toekenning van 'n eredoktorsgraad aan hulle vader 'n studiebeursfonds beskikbaar te stel. Dit sal die C. H. Brink-Studiebeursfonds heet, en die opbrengs sal aangewend word vir behoeftige en verdienstelike studente.

Die graad D.Comm. (honoris causa) is op 13 Desember 1968 deur die U.S. aan wyle dr. Brink verleen. Sy vyf kinders is almal Oud-Maties.

- *Die Universiteit van Stellenbosch beskik reeds oor etlike soortgelyke gedenkfondse en huldig groot waardering vir familie wat op dié wyse die nagedagtenis van dierbares in ere hou.*



Wyle mnr. G. B. B. Rubbi – hy is in Italië gebore en het Suid-Afrika en Stellenbosch leer liefkry.

Regsbesoek uit Sri Lanka



Hier is prof. Weeramantry (tweede van links) saam met die dekaan van die U.S. se fakulteit regsgeleerdheid, prof. Andreas van Wyk (links), en proff. Gerhard Lubbe en Klaus Schwietering.

'n BEKENDE regsgeleerde uit Sri Lanka, prof. C. G. Weeramantry, was vroeër vanjaar vir 'n paar weke as besoekende dosent verbonde aan die fakulteit regsgeleerdheid van die Universiteit van Stellenbosch. Die besoek was besonder belangrik vanweë die noue regsbande wat daar tussen Sri Lanka (die eertydse Ceylon) en Suid-Afrika bestaan.

Omdat Ceylon en die Kaap albei in die middel van die 17e eeu onder Nederlandse bewind gekom het en albei aan die einde van die 18e eeu deur Brittanje verower is (Ceylon in 1796 en die Kaap in 1795), is dit vandag die enigste gebied ter wêreld buite Suider-Afrika waar ook Romeins-Hollandse reg geld.

Aan regsfakulteite in Sri Lanka en in die howe van dié eiland aan die suidpunt van Indië word gereeld van Suid-Afrikaanse regshandboeke gebruik gemaak en verskeie van die mees gesiene regsgeleerdes is dan ook in staat om Afrikaans te lees (al is dit dan ook, soos prof. Weeramantry, met behulp van 'n woordeboek). 'n Groot groep Nederlandse afstammelinge, bekend as ,,the Burghers'' het ná die beëindiging van die Nederlandse bewind op Sri Lanka bly woon en vanne soos De Vos en Louwrens is nog steeds volop.

Prof. Weeramantry was 'n regter van die hooggeregshof van Sri Lanka tot 1972, toe hy professor in regsgeleerdheid aan die Universiteit van Melbourne, Australië, geword het. Hy is die skrywer van verskeie boeke, die bekendstes waarvan is ,,The Law in Crisis'' en ,,Law of Contract'' in twee volumes. Laasgenoemde werk, wat getuig van 'n goeie kennis van ook die Suid-Afrikaanse regspraak en regsliteratuur op dié gebied, geniet ook in Suid-Afrika erkenning.

Gedurende sy besoek aan Stellenbosch het prof. Weeramantry lesings gegee oor die Romeins-Hollandse reg in Sri-Lanka, kontraktereg, regsleer en menseregte. Daarbenewens het hy besoeke afgelê aan die regsfakulteite van die Universiteit van Kaapstad en Wes-Kaapland, die Kaapse Hooggeregshof en Balie. Hy het ook verskeie vooraanstaande politici ontmoet.

Leermetode uit Bulgarye

Dr. D. H. van der Vyver

DIE Universiteit se Instituut vir Taalonderrig (INTUS) ondersoek tans die moontlikhede van 'n nuwe leermetode wat in Bulgarye ontwikkel is en wat, volgens gebruikers daarvan agter die Ystergordyn én in Westerse lande, 'n leerling in staat stel om drie jaar se leerwerk in net drie maande baas te raak.

Die direkteur van dié Instituut, dr. Dawid van der Vyver, het 'n videoband van die onderrigmetode tydens 'n uitgebreide studietoer in New York bekom. Op die videoband word onder meer gewys hoe 'n Frans-klas in Moskou met dié metode onderrig word. Dit bevat ook 'n opname van 'n onderhoud wat tydens 'n konferensie in Washington gevoer is met die uitvinder van die metode, prof. Georgi Lozanov, 'n psigoterapeut van Sofia in Bulgarye.

Albei opnames op die videoband is gemaak deur 'n Amerikaner van Russiese afkoms, mnr. Dimitri Deviatkin, met wie dr. Van der Vyver in New York 'n onderhoud gevoer het nadat hy in Montreal van hom te hore gekom het. Mnr. Deviatkin is self 'n groot voorstander van die Lozanov-onderrigmetode.

Dr. Van der Vyver sê daar word beweer dat die metode selfs in laer en hoër skole met groot vrug gebruik word in lande agter die Ystergordyn én in Westerse lande soos Oostenryk, Kanada en die V.S.A. Hy sê 'n samestelling van 'n verskeidenheid leertegnieke word gebruik om — so beweer die voorstanders van dié metode — die onbenutte reserwes van die menslike brein in die leerproses in te span.

Met dié onderrigmetode word veral klem gelê op 'n ontspanne atmosfeer. Hoewel die onderwyser of dosent baie goed toegerus moet wees, hoef die skoliere of studente hulle nie uitermate in te span nie. Hulle sit in leunstoele in 'n ontspanne atmosfeer en leer (of absorbeer) deur middel van suggestie, rolspeletjies, dramatisering en die gebruikmaking van die kunste om sogenaamde totale kommunikasie te bewerkstellig.

Die voorstanders van die metode beweer dat skoliere of studente nie net die materiaal maklik baasraak deurdat doelbewuste pogings om te memoriseer grootliks uitgeskakel word nie, maar dat deelname aan dié leerproses ook tot gevolg het dat senuhoofpyne en allerlei ander spanningstoestande verdwyn — omdat gesonde aansluiting by die groep bewerkstellig word.

U.S. VRA VREDENDAL OM STEUN

DIE departement ontwikkeling het op 28 Augustus vanjaar 'n fondsinsamelingsveldtog op Vredendal van stapel laat loop. By dié geleentheid het die lede van die Oud-Matieskakelkomitee van daardie geweste en 'n aantal mense wat vrywilliglik aangebied het om met die veldtog hand te gee in 'n plaaslike hotel bymekaargekom. Hulle is toegespreek deur die Universiteit se adjunk-direkteur van ontwikkeling, mnr. Andries Esterhuyse, wat o.m. vertel het van die besondere knelpunte en behoeftes van die U.S.

Mnr. Tex de Swardt, senior ontwikkelingsbeampte van die Universiteit, is verantwoordelik vir die veldtog. Teen druktyd was die veldtog in 'n stadium van finale afronding. Mnr. De Swardt het laat weet dat die reaksie op die oproep om fondse onder oud-studente, ouers van huidige Maties en ander vriende van die U.S. in dié gebied skitterend was.

Links bo: En hier is die lede van die vaste skakelkomitee van Oud-Maties op Vredendal. (Vir die fondsinsameling is dié komitee uitgebrei.) Agter v.l.n.r: mnr. D. Smit, mnr. T. de Swardt (van die Universiteit), dr. E. A. Nel en mnre. H. Burnett en A. van Wyk. Voor sit: ds. B. Leuvennink en mnr. A. J. Esterhuyse, adjunk-direkteur van die U.S. se departement ontwikkeling.

Links onder: Die aanwesiges het eers heerlik geëet voordat daar tot laatnag gesels is. Hier sit v.l.n.r.: mnr. en mev. J. Goosen, mev. G. de Kock, mnr. en mev. J. Kritzinger en mnr. L. de Kock.

Onder: Nog drie paartjies wat die bymekaarkoms geweldig geniet het — v.l.n.r. mnr. en mev. L. Stephan, mev. en mnr. E. du Plessis en mnr. en mev. G. van Wyk.

Ontwikkeling in JHB verskuif

Die kantoor van die departement ontwikkeling in die Goudstad is verskuif. Sedert einde September is dié kantoor van die Universiteit van Stellenbosch in Northcliff en *nie* meer in die Trustbankgebou in Foxstraat nie.

Die nuwe straatadress is: Northcliff Plaza
D. F. Malanrylaan 189
Northcliff
JOHANNESBURG 2195

Die posadres is: Posbus 48898, Rooseveltpark, Johannesburg 2129 en die telefoonnommer is Johannesburg 46-5569 of 46-5560.

CROZIERHUIS TOE NIE EERS OP ‚MAP'

Mev. Nicoline Roux, Ou Kaapweg 22, Grabouw:

Dit was vir my 'n aangename verrassing toe ek nou die dag in Die Burger lees dat Crozierhuis tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar is. Om nou sommer studentetaal te gebruik — Crozierhuis was nie eintlik op die ,,map'' toe ek in die jare 1948-1950 student daar was nie. Daaruit moet nou nie afgelei word dat dit nie vir ons aangenaam was in ou Crozierhuis nie. Inteendeel, dit was soos 'n lekker ou familiehuis met juffrou Du Preez as ma en al haar kuikens onder haar vlerk. Ons klompie het mekaar almal geken en elkeen het van die ander se wel en weë geweet. Maar ek het tog altyd die indruk gekry dat die dames van Sonop en Huis De Villiers, en al die ander ,,beroemde'' koshuise, tog so 'n bietjie op ons neergesien het.

Deur die jare het Crozierhuis ook nie meer damesstudente gehuisves nie. Eers was daar net militêre studente in, en tans is dit 'n privaatmanskoshuis.

Telkens as ek daar verbyry, wil ek so graag gaan kyk hoe lyk my eerstejaarskamer nou — daardie een wat op die eetkamer se dakkie uitkyk. Wanneer die kospakkies van die huis af aangekom het, het ons op daardie einste dakkie meer as een nag middernagfees gehou met 'n hele toeskouersgalery van Bergville se kant wat met verlangende oë van ons ,,huiskossies'' wou hê. Juffrou Du Preez moes óf baie vas geslaap het, óf sy het haar meisies vertrou! Sy het ons nooit kom stilmaak nie.

As ek reg onthou, was ons 11 eerstejaars wat in 1948 as ,,groen akkertjies'' die heiligdom van Crozierhuis betree het. Teen die end van 1950 toe die meeste van ons klaar was met ons studies, het ons besluit op 'n reünie wat toe in 1960 gehou is in die vorm van 'n braaivleis by dr. en mev. Tobie Erasmus op Elsenburg. Planne is weer beraam vir 'n volgende reünie maar dit het nog nie werklikheid geword nie.

Nou het ek net gewonder — sal die volgende persone (wat hulle getroude vanne ook nou al is) nie probeer om almal die eendaagse reünie op 30 November op Stellenbosch by te woon nie? Hulle is Magda Jackson (nou mev. Van Rensburg), Anna du Plooy (mev. Brink), Anna Becker, Maimie Smuts, Louise Steyn (mev. Bam), Anita Uys (mev. Hugo), Magriet Landman, Elze Strydom (mev. Erasmus), Susan Visser, Charodu Labuschagne (mev. Geldenhuys) en natuurlik ekself.

Op die foto bo sien u hoe Crozierhuis se inwoners van 1950 daar uitgesien het . . . en op die onderste foto is dit 'n dekade later tydens 'n reünie aan huis van dr. en mev. Tobie Erasmus op Elsenburg. Dis darem waar – skoonheid(de) verwelk nooit!

U SKRYF AAN....

Die Redakteur
MATIELAND
Dept. Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

Daardie stoute skoene!

Mev. M. M. Bruwer, Posbus 305, Robertson:

Ek wil tog, liewer laat as nooit, vir u skryf om my waardering te betuig vir die pragtige tydskrif, Matieland, wat vir soveel jare al periodiek hier by ons aankom. Dit is puik versorg en hou ons op hoogte met wat alles op die kampus van die Stellenbosse Universiteit aangaan. En onwillekeurig voer dit 'n mens se gedagtes ver terug na die tyd toe jy self ook daar was.

Veral die foto-artikel op bls. 24-27 onder die opskrif ,,Conserve Ingewy'', het my weer laat terugdink en groot lag kry. En nou gaan ek die stoute skoene aantrek om u iets van my herinneringe aan die ou ,,Conserve'' op

Stellenbosch te vertel. Ag ja, waar sou ek in die lewe gestaan het as ek dit nie soms deur die jare gewaag het om my stoute skoene aan te trek nie? Totdat dit my op 'n dag letterlik so suur bekom het dat ek hierdie stoute skoene moes uittrek. Dit was die dag op ons plaas oorkant die rivier teen die bergkant toe ek besluit het om 'n steil krans, waar my pa ons summier belet het om te kom, te gaan beklim. Totdat ek my later so vas geklim het dat ek nie boontoe of ondertoe kon nie. Dit was toe dat daar vir my geen ander genade was nie as om my skoene uit te trek en kaalvoet terug te klouter. Toe ek weer terug op vaste aarde kom, was ek skoon kortasem en benoud dat ek nog by my pa ook sal moet verby kom as hy daarvan te hore kom. Nie dat dit my genees het nie van my liefde om te klim: bome en kranse en goeters. Daar waar ons kinders was in die Klein-Karoo op Montagu anderkant die Langeberg. En ook nie om soms weer stoute skoene aan te trek nie.

Om terug te kom na die Conserve op Stellenbosch waarvoor ek altyd maar bra skrikkerig was so ,,af die plaas af''. Daar het ek destyds aan die begin van 1939 saam met my opleiding in die Onderwys 'n kursus in Spraakkuns gevolg in Afrikaans en Engels. Laasgenoemde is aan ons gegee deur 'n Engelstalige non wat daar afgelos het. Met my eerste les was ek toe reeds klaar verskrik toe ek haar sien. Want die vrees vir die ,,Roomse gevaar'' het ek saam met my moedersmelk ingekry. So staan ek toe daar voor haar taamlik skrikkerig toe sy my vra om 'n gedig op te sê. Enigiets, net sodat sy my stem kan hoor. Maar daar staan ek toe met my mond vol tande. Om my lewe te red, kon ek nie aan iets dink om voor te dra nie. Al die pragtige gedigte wat ek die vorige jaar vir Engels Hoër goed geken het, was skoon uit my gedagte uit. Net weg. Toe die Engelse non nou verbaas en half vererg opkyk waarom ek dan nie begin nie, skrik ek verder en val sommer weg met 'n paar reëls uit ,,The Charge of the Light Brigade'' wat my skielik te binne geskiet het: ,,Half-a-league, half-a-league, onward, all through the valley of death rode the six hundred ...'' Maar voor ek nog kon kom by: ,,Their's not to reason why. Their's but to do. Or die'', gooi die ou Engelse paap haar hande verontwaardig in die lug en skree omtrent op my: ,,Not that! Not that!! Not here!!!''

Later het sy darem so half teensinnig toegegee: ,,I must admit: you cán recite.'' Presies net soos die Engelse ,,hockey mistress'' ook op 'n dag vir my gesê het: ,,I must admit: You cán scoop.'' Sien, hierdie ,,scoop'' is 'n term in hokkie wanneer jy die bal met die punt van jou stok voor jou teenstanders se voete wegkrap, dit opraap, na jou toe trek en in dieselfde beweging uitskiet na jou spanmaats wat dit verder voer. Hierdie sportinstruktrise wou my opsluit laat doelwagter speel of heelagter. Seker weens my fris liggaamsbou. Maar ek het botweg geweier. Want my regte plek in die span was in die skakelposisie. Net dáár wou en sou ek speel of glad nie. En dáár het ek gespeel. Vir die Stellenbosse Universiteit. Sê nie in watter span nie!

Haai, nou het ek darem glad te veel gepraat, of hoe?

Maar voordat ek nou tot siens sê, egter nog net dit:

Nog steeds wonder ek waarom ,,dit'' dan nie ,,dáár'' mag gewees het nie?!

Met vriendelike groete en goeie wense vorentoe.

Oud-Maties Adresse Asseblief

Die Universiteit van Stellenbosch wil graag kontak met alle Oud-Maties behou. Indien uself, of 'n ander Oud-Matie van wie u weet, nog nie *Matieland* kry nie, sal ons dit waardeer as u onderstaande vorm sal invul en dit aan die redakteur sal stuur.

DRUKSKRIF ASSEBLIEF
Knip uit en stuur asseblief aan
Die Redakteur
Matieland
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH

Van: .....

Voorname: .....

.....

Prof., Dr., Ds., Mnr., Mev., Mej.,: .....

.....

Nooiensvan: .....

My ou adres vir *Matieland* is: .....

.....

.....

My nuwe adres vir *Matieland* is: .....

.....

.....

Telefoon: .....

My nuwe betrekking is: .....

.....

.....

.....

Telefoon: .....

Graad (Grade) en/of Diploma(s) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartalle: .....

.....

.....

.....

Nadere besonderhede (prestasies, ens.): .....

.....

LOOPBANE UITGEBEELD

DIE Universiteit van Stellenbosch het in September vanjaar die grootste loopbaanuitstalling wat nog in Wes-Kaapland gehou is in die Langehoven-studentesentrum aangebied.

'n Omvattende uitstalling oor die talle interessante opleidingsrigtings aan die U.S. het deel van die vyfdaagse loopbaanuitstalling gevorm. Die fakulteit ingenieurswese het terselfdertyd vir twee dae lank opedae aangebied waartydens die werksaamhede van dié hele fakulteit aan die publiek bekend gestel is.

Die loopbaanuitstalling is besoek deur duisende studente, skoliere en lede van die publiek. 'n Verskeidenheid loopbaanrigtings vir

Heel bo: Die S.A. Polisie se uitstalling het baie aandag getrek.

Bo: Loopbane in die staalbedryf.

Regs: Die treffende uitstalling van Naschem, 'n filiaal van Krygkor.



gegradueerdes, matrikulante, vakleerlinge en tegnici is uitgebeeld.

Yskor, Sasol, Krygkor met al sy filiale, die S.A. Spoorweë, die S.A. Lugdiens, die Kaaplandse departemente van onderwys en hospitaaldienste, asook ondernemings in die klere-, motor- en staalbedryf en in die bank- en versekeringswese, het loopbaanrigtings bekend gestel.

,,Met dié uitstalling het die Universiteit nie net die werkgewer in aanraking gebring met die student of skolier as potensiële werknemer nie, maar ook aan die werkgewer die geleentheid gebied om sy vertroue in die arbeidsmark in die Republiek te bevestig,'' sê die hoof van die Buro vir Studentevoorligting aan die U.S., mnr. Ernst Conradie, wat saam met sy personeel maande lank voorbereidings gedoen en reëlings getref het om dié uitstalling 'n reuse-sukses te maak.

Heel bo, links: Loopbane in die versekeringswese.

Heel bo, regs: 'n Omvattende uitstalling van loopbaanrigtings wat aan die U.S. aangebied word, het deel van die loopbaanuitstalling uitgemaak.

Bo: Sasol se stalletjie.

Links: Die bankwese.



ONTDEK HISTORIESE STELLENBOSCH

Foto's:
Christo S. Botha
Teks:
Hans Fransen

Die groot historiese gebeurtenis vanjaar is dat die land se oudste dorp sy driehonderdjarige fees gevier het. Met hierdie prestige-uitgawe, waarin die argitektoniese skoonheid van Stellenbosch op 93 pragtige swart-wit-foto's vasgelê is, kan elke oud-Matie en ander belangstellende dié beroemde en beminde dorp herontdek.

Nou by u naaste boekhandelaar beskikbaar. Prys R16,00.

HAUM KAAPSTAD – PRETORIA

TRUTER DE WITT LEWER KNAP BYDRAE

UIT die pen van dr. J. T. (Truter) de Witt van die fakulteit opvoedkunde het daar onlangs twee belangwekkende publikasies verskyn: *Professionele Oriëntering vir die Onderwysberoep* by Butterworth en *Jy en jou kind* by Perskor.

Eersgenoemde is 'n werk op die terrein van die onderwysadministrasie en word in die November-uitgawe van *Die Unie,* maandblad van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie, 'n ,,unieke bydrae tot die onderwysliteratuur'' genoem.

Wesentlike aspekte van die leerkrag se taak én sy vorming as beroepsmens wat in die pedagogiese literatuur in Suid-Afrika tot dusver nie spesifiek tot werklike fokuspunt uitgelig, of in opleidingsprogramme vir onderwysers nog nie by alle Suid-Afrikaanse universiteite die nodige klem en aandag ontvang wat hul belangrikheid regverdig nie, word onder die soeklig geplaas.

In sy voorwoord skryf prof. W. L. Nell, aangewese dekaan van die fakulteit opvoedkunde: ,,. . . dr. De Witt se werk word as 'n nuttige bydrae beskou, veral omdat dié publikasie 'n bydrae wil maak tot gesindheidsvorming en 'n slypingsproses in die rigting van 'n ideale professionele benadering tot die onderwysberoep.''

Daar word besin oor die onderwyser se verhouding met sy leerlinge, die ouers, die breë gemeenskap, sy kollegas en die owerheid. Die soeklig val voorts op faktore wat die werksgeluk van 'n onderwyser as beroepsmens beïnvloed, sy verantwoordelikheid teenoor die georganiseerde onderwysprofessie, sy geestesgesondheid, sy aanspreeklikheid in geval van skadevergoeding wanneer 'n leerling onder sy toesig ernstig beseer word, die Onderwysersraad en verskillende ander onderwerpe wat vir die diensdoende onderwyser én die onderwysstudent besonder aktueel is.

Die resensent van *Die Unie* is van mening dat dr. De Witt met dié publikasie ,,'n professionele ‚braakland' ontgin het'' en hy beskryf dit — globaal beskou — as ,,fris, stimulerend en enig in sy soort''.

Jy en jou kind is 'n werk in die meer populêrwetenskaplike genre, maar dit het deurgaans 'n deegliggefundeerde opvoedkundige onderbou. Die volgende vertrekpunt word as kerngedagte uitgebou: Sukses met kindgrootmaak setel grootliks in die bestaan van 'n gelukkige, kerngesonde huisgesin; ouers se voorbeeld en benadering speel 'n deurslaggewende rol in beïnvloeding van én rigtinggewing aan kindergedrag en die kind moet van kleins af gelei word om dinge op 'n beskaafde, wellewende wyse te doen.

Omdat 'n ouer so intiem by sy kind se probleme betrokke is, kan hy volgens die skrywer nie altyd in emosionele stroomversnelling-situasies objektief oordeel nie. Wanneer 'n doodloopstraat bereik word, kan 'n buitestaander dikwels probleme die beste identifiseer en oplossings bied. Daarom kan *Jy en jou kind,* met sy praktiese inslag, in 'n groot mate vir ouers daardie simpatieke, objektiewe raadgewer wees, want die teorie word deurgaans na die praktyk deurgetrek en met toepaslike voorbeelde toegelig.

Een van twee onlangse publikasies van dr. Truter de Witt, Professionele Oriëntering vir die Onderwysberoep *is onlangs op 'n gesellige onthaal in 'n Stellenbosse hotel bekend gestel. Op die foto oorhandig mnr. Kobus Prinsloo (regs), publikasiebestuurder van Butterworth, die publikasie aan prof. J. F. A. Swartz, dekaan van die fakulteit opvoedkunde. Die skrywer staan links. Dr. De Witt se ander publikasie,* Jy en jou kind, *het pas verskyn.*

KOOR OORSESE

DIE afgelope jaar was een van die bedrywigste wat die Universiteitskoor Stellenbosch nog gehad het. Maar ná 'n jaar waarin meer as dertig keer opgetree is, bly twee hoogtepunte staan: 'n Europese toer en ook deelname aan die Zimriya-koorfees in Israel, en die premiére van Arnold van Wyk se skitterende nuwe feeskomposisie, 'n vyfdelige Mis.

Vir die Universiteitskoor was die Europese toer 'n triomftog — in Salzburg, musiekstad van Oostenryk, is die koor aangeprys as die beste wat nog daar gehoor is — terwyl die meelewing met en deelname aan die „skepping" van Van Wyk se Missa in illo tempore 'n belewenis was. Vir die meeste koorlede was albei hierdie ervaringe eenmalig — en dit binne een jaar!

Die jaar het vir die koor op 'n hoë noot begin toe hy deur die gewese Administrateursvrou van Kaapland, mev. Annes Munnik, genooi is om in die Tuynhuys in Kaapstad op te tree.

Dit was 'n besondere aand, want by dié geleentheid is 'n lied oor die grens vir die eerste keer uitgevoer. Dit was 'n ware gesinspoging, want die lied, Die Lied van die Grenssoldaat, is in opdrag van mev. Munnik deur mnr. Dirkie de Villiers, hoof van musiek aan die Vrystaatse departement van onderwys en vader van die dirigent van die Universiteitskoor, dr. Johan de Villiers, gekomponeer. Die teks is geskryf deur mnr. De Villiers se vrou, Doll.

Hierbenewens was daar optredes op verskeie plekke in Wes-Kaapland, en in Junie — met die wintervakansie — het Europa en Israel op die koor gewag.

Die koor het op 21 Junie uit Suid-Afrika vertrek, en die toer is geopen met 'n uitvoering in die stadsaal van Passau in Beiere, teen die grens van Oostenryk. Hierdie optrede het deel gevorm van 'n Europese kultuurweek wat in dié geskiedkundige dorpie gehou is — 'n kultuurfees waaraan ook die beroemde Russiese pianis, Swatoslaf Richter, deelgeneem het.

Uitsonderlik baie publisiteit is in die plaaslike koerant, die Passauer Neue Presse, wat tot in München versprei word, aan die koor gegee. Elke dag het daar ook 'n foto van die koor in die koerant verskyn.

Die uitvoering was 'n reuse-sukses, en die koor is staande toegejuig.

Die musiekresensent van die Passauer Neue Presse het geskryf dat hy nog nooit 'n koor gehoor het wat oor so baie klankskakerings, so 'n breë dinamiese spektrum en so 'n onaanvegbare, absoluut suiwere intonasie beskik nie.

Van daar is die koor na München, waar voor 'n uitgelese gehoor opgetree is.

Een van die hoogtepunte van die Europese deel van die toer was 'n besoek aan Salzburg in Oostenryk as gaste van die Oostenryk-Suid-Afrikaanse Klub.

Die koor het hier voor 'n genooide gehoor opgetree, en onder die aanwesiges was die Rektorspaar van Stellenbosch, prof. en mev. Mike de Vries, wat toevallig in Europa was.

Dit was een van daardie aande wat elke koorlid lewenslank sal onthou — die gasvryheid en die hartlikheid van die Oostenrykers het die Suid-Afrikaners oorweldig.

Kort ná die koor se terugkeer in Suid-Afrika, het prof.

'n Langspeelplaat, Musiek uit Stellenbosch, is vanjaar uitgegee om saam te val met die Stellenbosch 300-feesvieringe. Op hierdie plaat tree ses van die bekendste groepe op Stellenbosch op, naamlik die Universiteitskoor Stellenbosch o.l.v. Johan de Villiers, die Konservatorium-Dameskoor o.l.v. Acáma Fick, die U.S.-Blaasorkes o.l.v. Paul Loeb van Zuilenburg, die U.S.-Strykensemble o.l.v. Eric Rycroft, die Rancombs o.l.v. Boudewijn Scholten en Mary Krige se Kinderorkes. Elk van dié groepe lewer 'n kort program op die plaat.

Die plaat kan bestel word van mev. Mary Krige, Thibaultstraat 18, Stellenbosch 7600. Die prys van R7 sluit posgeld en verpakkings, asook a.v.b. in.

Stuur asseblief ..... kopie/ë van Musiek uit Stellenbosch aan:

Naam: .....

Adres: .....

.....

.....

Hierby ingesluit is R..... (R7 per plaat)

OORROMPEL GEHORE

deur
ANTON VAN ZYL

De Vries 'n brief van dr. Reinhold Möbius en prof. Hans Diemath, onderskeidelik voorsitter en ondervoorsitter van die Oostenryk-Suid-Afrikaanse Klub, ontvang waarin die koor die hoogste lof toegeswaai word.

Die brief lui onder meer: ,,Onder die toehoorders was verskeie vooraanstaande musici wat ons verseker het dat die studentekoor van die Universiteit van Stellenbosch die beste koor is wat nog in Salzburg opgetree het. Daar moet bygesê word dat in die stad Salzburg alleen elke jaar 40 koorkonserte plaasvind, en dat die Salzburgse publiek wat deur kuns verwen is, dus baie goeie vergelykingsmoontlikhede het."

En verder lui die brief: ,,Maar wat ons persoonlik amper nog meer beïndruk het, was die manier van optrede deur die koorlede en hulle dirigent, dr. De Villiers. Hulle beskeidenheid, hulle dissipline en veral hulle vriendelike geaardheid het op ons en ons vriende 'n diep indruk gemaak en ons die gevoel gegee dat ons almal een groot familie was. Ons kan u verseker dat die Universiteitskoor van Stellenbosch die beste ambassadeur vir Suid-Afrika in Salzburg was."

Nog 'n konsert is in Gmunden gehou voordat die koor na Israel vertrek het, waar aan die tweejaarlikse koorfees, die Zimriya, deelgeneem is. Daar was darem ook tyd vir 'n paar besigtigingstoere en uitstappies, maar tussendeur is hard gewerk. Vir die koorfees was 21 gekeurde kore van oor die wêreld en 20 Israeliese kore saamgetrek.

Lede van die U.S. se koor sing hartlik op die lughawe D.F. Malan kort voor hulle uiters geslaagde oorsese toer.

Die kore het afsonderlik en in groepe opgetree, en soms ook vir mekaar gesing. Hier het die Universiteitskoor weer die eer te beurt geval om die enigste koor te word wat genooi is om in Tel-Aviv op te tree.

Hierdie optrede het groot byval gevind, en sommer binne 'n japtrap het die Israeli's geleer om Bobbejaan Klim die Berg in Hebreeus te sing!

Op 17 Julie het 'n afgematte groep Maties op die lughawe Jan Smuts aangekom en dieselfde aand 'n baie geslaagde konsert in die RAU-ouditorium in Johannesburg aangebied.

Terug op Stellenbosch was daar skaars tyd vir rus, want op 14 Oktober is Arnold van Wyk se nuwe Mis vir die eerste keer deur die Universiteitskoor uitgevoer. Dr. Van Wyk het 34 jaar aan hierdie komposisie gewerk, en dit het oefen en nogmaals oefen gekos om hierdie werk van 32 minute in te studeer.

Maar dit het oor en oor die moeite geloon — musiekkenners en kritici was gaande oor hierdie reusewerk. En Stellenbosch het deel gehad aan die vestiging daarvan. Sedertdien is radio- en TV-opnames deur die koor van hierdie werk gemaak.

Buiten hierdie hoogtepunte, het die koor intussen ook optredes in Kaapstad, op Ceres, Hopefield, Franschhoek en natuurlik Stellenbosch self gehad — en die afsluitingskonsert was op 1 Desember in die Oude Libertas-opelugteater op Stellenbosch.

'n Bedrywige jaar inderdaad — maar 'n koorjaar waaroor almal wat in 1979 lid van die koor was, nog lank sal gesels en ook soete herinneringe sal hê.

'n Nuwe plaat van die Universiteitskoor Stellenbosch onder leiding van Johan de Villiers het vanjaar verskyn.

Die eerste kant bevat gewyde werke soos die *Haec Dies* van Byrd, die *Slotkoraal uit die Johannes-Passie* van Bach en *Virga Jesse* van Bruckner, terwyl die tweede kant ligter werke insluit soos *Oh! Lemuel* van Stephen Foster, *Were You There* en *The Turtle Dove* van Vaughan Williams.

Dié plaat kan teen R8 bestel word by Die Bestuurder, Universiteitskoor, Departement Ontwikkeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600. (Posgeld en verpakking is 50c ekstra.)

Stuur asseblief ..... kopie/ë van die Universiteitskoor se jongste plaat aan:

Naam: .....

Adres: .....

.....

.....

.....

Hierby ingesluit is R..... (R8 per plaat en 50c posgeld en verpakking)

'n Beker en 'n fees om te onthou

„WAT het 1979 met die jaar 1928 in gemeen?," het die een ou akkerboom vir sy maat in Die Laan gevra. „Maklik", antwoord die ander. „Dit was die enigste twee jaar die laaste halfeeu dat die Maties se hokkiespan die W.P.-kampioenskapstoernooi kon wen. En in albei jare was daar 'n fees waarvan ons die gelyke nie weer gou sal sien nie."

Vir vandag se geslag Maties het dit feitlik 'n natuurwet geword dat Stellenbosch se rugbyspan die Groot Uitdaagbeker wen. In die laaste jare het die Matiespanne ook sporte soos krieket en tennis begin oorheers. Maar dit was eers vanjaar dat die manshokkiespan, danksy die bekwame afrigting van Cari Rose-Innes, daarin kon slaag om die gesogte Ohlson-beker, die hokkie-ekwivalent van rugby se Groot Uitdaagbeker, in te palm. Dit was in 1928, 51 jaar gelede, dat die Maties dit laas kon regkry.

„Hokkie in die jare twintig was iets van 'n aspoestersport," vertel mnr. A. S. (Kokkie) de Kock, 'n lid van die 1928-span en vir die afgelope 40 jaar hokkie- en tennisverslaggewer van die S.A.U.K. „Ons het net een veld gehad — daar bo waar die Ou Mutual-muurbalbane nou staan. Dit was 'n gruisveld, seker die vinnigste een in die W.P. Afrigting was daar nie om van te praat nie. Net Oubaas Sid Harvey, 'n lektor in fisika, het belangstelling in ons getoon."

Geriewe was skraps. Mnr. G. A. Giliomee, tans afgetrede onderwyser op Porterville en een van die spanlede wat in 1928 vir W.P. gespeel het, voer die verhaal verder: „Daar was geen kleedkamers nie. As ons die dag tuis gespeel het, het ons span in Dagbreek gaan aantrek. Die teenstanders het in hulle hokkieklere op Stellenbosch opgedaag en na die wedstryd weer in dieselfde klere die trein teruggery. En as die Maties in die Kaap gespeel het, was dit dieselfde storie. Feitlik almal het in hulle hokkie-uitrusting van die stasie tot by die veld gestap. Baie min studente het toe fietse besit."

Dit is sommer dadelik duidelik wanneer 'n mens vandag met lede van die span praat dat hulle sommer nog goed trots is op hulle prestasie van toentertyd. Maar hoe goed was hulle nou eintlik?, wonder 'n mens. En dan dink jy onwillekeurig aan die woorde van mnr. Jannie Krige: „My beste o.-20-rugbyspan sou Paul Roos se Springbokspan met 20 of 30 punte geklop het."

Oom Kokkie de Kock wat as speler byna Springbokkleure verwerf het en as hokkieverslaggewer 'n uitstekende kennis van die ontwikkeling van spel die afgelope 60 jaar opgedoen het, verwerp sommer dadelik enige suggestie dat die Matiespan van 1928 heelwat swakker gehalte hokkie gespeel het. „Laat ek vir jou vertel", sê hy ietwat driftig: „Ek dink die W.P.-span wat in daardie jare gespeel het, sal enige W.P.-span van vandag groot moeilikheid gee. En die Stellenbosch-span van 1979 sou die span van 1928 baie swaar pak gegee het."

Die span van 1928, verduidelik oom Kokkie, het 'n uitstekende voorlyn gehad met Giliomee as middelvoor die beste doelskieter in die W.P. In die afgelope 50 jaar was dit volgens oom Kokkie net Elwan Liebenberg van die Paarl wat hier in die W.P. beter stokwerk aan die dag gelê het as daardie voorlyn. Verder het die skakels en agterspelers van 1928 posisionele spel van die hoogste gehalte gelewer en Carel de Swardt was 'n formidabele doelwagter.

„Hokkie van destyds", merk oom Kokkie op „was baie meer planmatig as vandag. Die spelers het as span saamgespeel en met kort aangeë probeer om die bal in hul beheer te hou en die teenstanders te uitoorlê. Vandag probeer individuele sterre so veel as moontlik self met die bal doen. Hulle wil 'n tweede en derde man klop eerder as om die bal na 'n spanmaat te voer. Miskien die beste bewys van die verskillende benaderings tot die spel is dat die meeste doele in die jare twintig velddoele was, wat getuig van planmatigheid en spanwerk, terwyl vandag se doele omtrent almal van hoeke af kom, wat volg uit foute wat die teenstanders begaan het of op hulle afgedwing is. Hoekdoele in hokkie is soos strafdoele in rugby — dit gaan teen die gees van die spel om op so 'n manier te wen."

Oom Kokkie gee toe dat die span van 1979 heelwat fikser is as die 1928-span! „As daar 'n wedstryd vandag tussen dié twee spanne gespeel sou word, sou dit die een faktor wees wat die stryd in die guns van die moderne span sou kon besleg het."

Die span van 1928 het in 'n ander opsig verskil van dié van vandag. Dit is oorheers deur teologiese studente — in so 'n mate dat die span op Stellenbosch as die Tokkelokke bekend gestaan het. Onder die tokkelokke was daar: Carel de Swardt (later predikant op Ceres), Freddie Kirsten (jare lank professor in filosofie op Stellenbosch), F. Grobbelaar, J. Adler (predikant in Durban), C. P. van der Merwe (emeritus leraar van Warmbad in Noord-Transvaal) en F. Liebenberg (sekretaris van die K.J.V.).

Onder dié wat 'n onderwysloopbaan gevolg het, was daar: Henk van Garderen (verskillende plekke in die Vrystaat), B. Slabbert, G. A. Giliomee (Porterville) en Kokkie de Kock (Noordelike Voorstede).

Oor Sondagsport het die lede van die Matiespanne van destyds 'n onverbiddelike houding ingeneem. Ds. C. P. van der Merwe, wat in die span van 1923 was wat ook die Ohlson-beker gewen het en in 1926 kaptein was, vertel dat daar in 1926 vier Stellenbossers in die W.P.-span was, naamlik hyself, F. R. Grobler, Jack Adler en G. F. Roux.

„Toe ons in Johannesburg op 'n Sondag teen Rhodesië moes speel, het ons op beginselgronde geweier om te speel. In plaas van goed wen, het W.P. toe slegs gelykop gespeel."

IN 1928 was G. A. Giliomee, G. F. Roux, Kokkie de Kock en Jackie Adler in die W.P.-span. Almal het geweier om te speel as daar 'n wedstryd op 'n Sondag was. Kokkie de Kock het waarskynlik sy Springbokkleure as gevolg hiervan misgeloop. Hy was onder die laaste 22 spelers, maar die finale proefwedstryd is op 'n Sondag gehou. Hy het geweier om te speel en die kans op 'n Springbokbaadjie was daarmee heen. Die Maties wat vir W.P. gespeel het, het Stellenbosch-volkleure gekry — 'n roomkleurige baadjie met die Matiekleure as omboorsel en die Universiteitswapen op die sak.

'n Man was sommer baie trots as hy hierdie baadjie kon aantrek. Dit het teen die jare vyftig uit die mode geraak, maar met die ,,Great Gatsby''-modes van vandag, kan dit maklik gebeur dat n student van vandag sy oupa se volkleurbaadjie kan gaan opdiep — om net daardie bietjie spoggeriger te lyk vir die volgende dansparty!

Maar 1928 was op Stellenbosch nie net die jaar van die hokkiebeker nie. Dit was ook die jaar toe tweedejaarstudente 'n fees gehou het wat manne wat weet, bestempel as die suksesvolste Juniordag van alle tye. Vir vandag se student wat nie weet nie: Juniordag was die een dag in die jaar waarop tweedejaarstudente die kampus oorgeneem, professore ,,in hegtenis'' geneem en dan opgeveil het. Die hele dag is tot openbare vakansiedag geproklameer.

Vir meeste professore was dit 'n dag waarop hulle so ver as moontlik van tweedejaarstudente af wou bly. En omdat dit gewoonlik vooraf uitgelek het wanneer die tweedejaars van plan was om hul fees te hou, kon hulle vroegtydig hul ontsnappingsplanne beraam. In die jaar 1928 was dit egter 'n ander storie. Hier volg die relaas van Die Burger van 23 Augustus:

,,By vorige Juniordae het die klomp tweedejaarstudente met groot lawaai die Universiteitsgeboue bestorm met die gevolg dat die meeste professore 'n kans gehad het om in motors en op fietse te ontvlug. Hierdie jaar was die juniors egter slimmer. Hulle het al die geboue omring en die uitgange beset. Dié wat nog probeer het om die terrein te verlaat, is deur juniors wat as polisiemanne vermom is, beleef maar onverbiddelik beveel om terug te gaan.''

WENNERS VAN DIE OHLSON-BEKER, 1928.

Boonste Ry: C. de Swardt, G. Roux, Mnr. S. C. Harvey (President), H. van Garderen, W. Page, F. Kirsten
Middelste Ry: F. Grobbelaar, K. de Kock, G. Giliomee, J. Adler (Kapt.), C. P. van der Merwe, F. Liebenberg, E. Adler
Onderste Ry: F. Rousseau, B. Slabbert.

Die Burger se korrespondent skryf voorts: ,,Om tienuur voormiddag het die vierkant van die hoofgebou 'n skouspel gelewer wat in skrille kontras was met die kalme akademiese voorkoms van ander dae. Die grootste gedeelte van die ruimte was gevul met juniors almal gemasker in die kleurrykste kostuums. Op die een stoep was die professore vasgekeer. Nog nooit het ons 'n klompie meer beklaenswaarde figure gesien nie. Hulle het almal gevoel dat die hef vir die dag van hande verwissel het. Op baie se rug was hoenderpote met kryt geteken. Almal het maar die beste daarvan probeer maak, maar of hulle dit werklik geniet het, het vir ons enigsins twyfelagtig gelyk.

,,Nou en dan het daar 'n luide juigkreet ontstaan. Dan kon 'n mens een van die patrollies aangedraf sien kom met 'n enigsins skuldiglykende professor wat hulle iewers gevang het terwyl hy besig was om weg te kruip of te vlug.

,,Toe genoeg bymekaar gebring was, het die juniors 'n veiling begin. Die slagoffer is na vore gebring, 'n pluiskuiltjie of Tam O'Shanter is hom opgesit en dan het die afslaer begin net 'n opsomming van die man se eienskappe waarmee dikwels 'n meesterlike nabootsing van sy stem en maniertjies gepaard gegaan het. Die bieëry was egter nie te lewendig nie. Klaarblyklik was die professore nie juis in aanvraag nie. Gewoonlik het dit stadigaan geklim tot ongeveer 'n sjieling. Dan het die eerlike afslaer verklaar dat sy gewete hom nie toelaat om goed teen buitensporige pryse te verkoop nie en die opgeveilde sonder meer toegestaan.''

Na die veiling het die juniors die ander opvoedkundige inrigtings bestorm en aan al die studente en skoliere vir die res van die dag huis toe gestuur. Op Juniordag, verduidelik die korrespondent van Die Burger, het juniors nie net die magte van die Universiteitsraad nie, maar ook van die skoolraad en al die skoolkomitees op Stellenbosch, oorgeneem.

Een feit staan soos 'n paal bo water: Stellenbosch sal seersekerlik nie weer 50 somers hoef af te tel voordat die hokkiespan weer die beker inpalm nie. Maar of daar in die volgende halfeeu weer so 'n fees soos dié van Juniordag 1928 sal wees, is sterk te betwyfel. 'n Herhaling van dié hoogtepunt in studentejolyt is haas ondenkbaar. ,,Wat sou die rede wees?'', vra die een eikeboom in Die Laan. ,,Die mense van vandag,'' sug die ander, ,, is te plegstatig. Moontlik het hulle meer probleme as in 1928 ....''

Aanstellings en bevorderings

CHRISTO VILJOEN

Prof. Christo Viljoen, internasionaal bekende en gesaghebbende elektrotegniese ingenieur, is aangestel as nuwe heeltydse dekaan van die fakulteit ingenieurswese. Hy volg prof. Roux de Villiers op wat op 1 Julie die Maties se nuwe vise-rektor geword het. Insgelyks het die Raad van die Universiteit ook verskeie ander belangrike aanstellings, insluitende dié van die bekende sopraan Nellie du Toit in die personeel van die Konservatorium, en twee nuwe hoogleraars, goedgekeur.

Die nuwe dekaan van die fakulteit ingenieurswese word nie alleen in sy eie land as 'n groot gesaghebbende op die gebied van die elektrotegniese ingenieurswese beskou nie, maar ook in oorsese lande. Prof. Viljoen is 'n senior lid van die American Institute of Electrical and Electronics Engineers, 'n organisasie waarvan net 12% van die meer as 170 000 lede senior lede is. Hy is ook lid van die British Institution of Electrical Engineers en van die S.A. Instituut van Elektriese Ingenieurs.



Prof. Christo Viljoen

Die 41-jarige prof. Viljoen is in 1966 as senior lektor aan die Universiteit aangestel, en het in 1970 op 32-jarige leeftyd hoogleraar geword. Hy het sy B.-graad in die ingenieurswese (1958), sy meestersgraad (1964) en sy Ph.D.-graad (1969) op Stellenbosch verwerf.

Voordat hy dosent op Stellenbosch geword het, het hy van 1962 tot 1965 by die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese gewerk, nadat hy met nagraadse studies in Brittanje besig was.

Dit was ook toe hy in Brittanje was dat hy mej. Hana Stehlik, met wie hy later getroud is, ontmoet het. Sy is in Praag, Tsjeggo-Slowakye, gebore, maar het as kind saam met haar ouers na Australië verhuis, waar sy 'n Australiese burger geword het. (Sy praat nou vlot Afrikaans.) Prof. en mev. Viljoen het twee dogters en 'n seun.

Die Sir Ernest Oppenheimer Memorial Trust Fellowship is in 1975 aan prof. Viljoen toegeken. Hy is die skrywer van verskeie handboeke oor sy vakgebied, en van talle artikels wat in Suid-Afrikaanse en buitelandse ingenieurstydskrifte verskyn het. Prof. Viljoen dien in verskeie opvoedkundige liggame. Hy is kolonel in die S.A. Burgermag en 'n raadgewer van die Direkteur van Telekommunikasies in die Verdedigingshoofkwartier in Pretoria.

Gedurende 1975-'76 was prof. Viljoen besoekende professor aan die Georgia Institute of Technology in die V.S.A. Hy is onlangs ook verkies tot volle lid van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die bekende sopraan Nellie du Toit is van begin aanstaande jaar aangestel as senior lektrise in sang aan die Konservatorium. Sy volg prof. George van der Spuy op, wat ná sy aftrede aan die einde van vanjaar steeds as deeltydse sangdosent aan die U.S. sal aanbly.

Mej. Du Toit het in Suid-Afrika bekendheid verwerf as opera-, lieder- en oratoriosangeres. Haar operarepertorium sluit bykans 30 hoofrolle in. Hiervoor het sy reeds drie Nederburgpryse verower, onderskeidelik in Kaapland (vir Madame Butterfly), Transvaal (Lucia di Lammermoor) en die O.V.S. (Tosca).

In 1970 het sy onder die eerste agt finaliste geëindig in 'n internasionale Butterfly-kompetisie in Japan, waaraan sangeresse uit 30 lande deelgeneem het. Gedurende haar uiters geslaagde sangloopbaan het sy haar ook op sangonderrig toegelê en sodoende leiding gegee aan verskeie voorste Suid-Afrikaanse sangers en sangeresse.

Mej. Du Toit, wat op Pietersburg gebore is, het op 16-jarige ouderdom haar eerste operette gesing — aan die Afrikaanse Hoërskool in Pretoria, waar sy gematrikuleer het. Sy het ná matriek gestudeer aan die S.A. Musiekkollege in Kaapstad, waar sy onderrig ontvang het onder leiding van Adelheid Armhold, en die eerste student was wat die voordraersdiploma in opera met lof geslaag het.

Ná die voltooiing van haar studies in Kaapstad, studeer sy onder Tatiana Makushina in Londen, waar sy ook haar eerste professionele aanstelling kry, by die Britse Raad vir die Uitvoerende Kunste. Sy tree daarna op in verskeie operas in Engeland, Wallis en Skotland.

Terug in haar geboorteland het sy die voordraerslisensiaat van die Universiteit van Suid-Afrika met lof verwerf. 'n Beurs is ook aan haar toegeken om in Wenen verder te studeer.

Nellie du Toit (mev. Crouse) is getroud en die moeder van vier dogters. Haar man is aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ver-

WORD DEKAAN

bonde. Die gesin verhuis binnekort na Stellenbosch. Die oudste dogter, Christine, is verhoogbestuurder by Kruik en die jongstes, Florence, Nelmarié en Phyllis, is op skool in Pretoria, Florence sal aanstaande jaar 'n eerstejaar-musiekstudent op Stellenbosch wees.



Nellie du Toit

Prof. L. A. V. Hiemstra, 48, is aangestel as hoogleraar in die departement siviele ingenieurswese. Hy het die B.Sc., B.Ing. aan die U.S. verwerf, en die grade Hons. (B.Sc.) en M.Sc. aan die Universiteit van Pretoria. Prof. Hiemstra het ook in Amerika studeer waar hy die graad Ph.D. aan die Colorado State University behaal het. Hy was ook nagraadse navorsingsassistent aan dié Universiteit van 1966 tot 1968.

In 1968 het hy assistent-hoogleraar aan die Pennsylvania State University in die V.S.A. geword. Hy het dié pos 'n jaar lank beklee waarna hy toe aangestel is as senior lektor in siviele ingenieurswese aan die U.S. Sedert 1971 is hy hoogleraar in hidroulika en hidrologie aan die Natalse Universiteit.

Prof. Hiemstra was voorheen ook in diens van die Departement Landboutegniese Dienste en die W.N.N.R.

Hy het reeds verskeie artikels gepubliseer en is o.m. lid van die Amerikaanse Vereniging van Siviele Ingenieurs en die Amerikaanse Geofisiese Unie. Hy het in 1970 'n toekenning ontvang van die Suid-Afrikaanse Instituut van Siviele Ingenieurs.

Prof. H. F. Vermaas, 36, is aangestel as hoogleraar in houtkunde in die fakulteit bosbou. Hy het die grade B.Sc. in 1964 en M.Sc. twee jaar later op Stellenbosch verwerf. Prof. Vermaas het sy doktorsgraad in houtkunde in 1971 aan die U.S. behaal.

Voordat hy in Maart 1973 aangestel is as senior tegniese beampte in die Universiteit se fakulteit bosbou, was hy hoof van nywerheidsnavorsing by die onderneming Mazonite. Hy het in Januarie 1975 senior lektor geword.

Prof. Vermaas het reeds 25 publikasies agter sy naam en is o.m. assessorlid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en 'n Fellow van die Institute of Wood Science in Engeland.

Die A. von Humboldt-stipendium vir studie en navorsing in die buiteland is in 1976 aan prof. Vermaas toegeken.

Die Raad het ook die aanstelling van 'n senior lektor goedgekeur. Hy is: dr. R. F. Gilfillan (Afrikaans en Nederlands).

Nuwe lektore is: mnr. J. P. Lombard (landbou-ekonomie), dr. C. Aalbers en dr. L. R. van Niekerk (albei as lektor/spesialis in geneeskundige fisiologie en biochemie), mej. S. Fourie (maatskaplike werk), mnr. G. Kroes, dr. L. Pienaar, mnr. R. H. Gouws, mnr. P. A. du Toit en mev. L. Viljoen (almal in die departement Afrikaans en Nederland), mnr. A. C. Vosloo (chemiese ingenieurswese), mnr. B.



Prof. L. A. V. Hiemstra



Prof. H. F. Vermaas

Mev. N. A. Schoonees

K. Green (Engels), mnr. A. S. Jordaan en mnr. J. M. M. van den Berg (albei in didaktiek), mnr. E. Aitchison (skoolmusiek), mnr. J. J. Fourie (departement Afrikaans in die fakulteit opvoedkunde) en mej. S. Wessels (fisioterapie).

Mnre. A. S. Engelbrecht en C. C. Theron is aangestel as junior lektore in bedryfsielkunde en mev. L. Swiegelaar as junior lektrise in fisioterapie.

Mev. N. A. Schoonees is aangestel as mederedaktrise in die redaksie van Woordeboek van die Afrikaanse Taal (W.A.T.). Sy is 'n dogter van prof. J. S. Marais, eertydse hoof van die fakulteit landbou aan die Universiteit en hoof van die Landboukollege Elsenburg, en 'n skoondogter van dr. P. C. Schoonees, vroeëre hoofredakteur van die Woordeboek.

Sy het die grade B.A. met Afrikaans-Nederlands en Duits as hoofvakke (1946) en M.A. in Afrikaans en Nederlands (1950), asook die S.O.D. almal cum laude aan die U.S. verwerf.

Voor haar huwelik was sy verbonde aan die Meisieskool La Rochelle in die Paarl, en het daarna gereeld as onderwyseres afgelos. Sy is sedert Junie 1978 tegniese assistente aan die W.A.T.

In die departement ontwikkeling is ook twee senior aanstellings gedoen. Mnr. Chris van der Merwe is aangestel as bestuurder (Transvaal en Natal) in dié departement se kantoor in Johannesburg, en mnr. Anton van Zyl is aangestel as senior publisiteitsbeampte in die departement ontwikkeling op Stellenbosch. Hy sal o.m. optree as bestuurder van die U.S. se koor en van die Konservatorium-Dameskoor.

Mnr. Van der Merwe, wat op Malmesbury gematrikuleer en die graad B.Mil. aan die U.S. verwerf het, was etlike jaar beroepsoldaat voordat hy tot die sakewêreld toegetree het. Voordat hy by die departement ontwikkeling aangesluit het, was hy netwerkadviseur van Trek-Petroleum.

Mnr. Anton van Zyl is 'n bekende in joernalistieke kringe en was Lufthansa se skakelbestuurder vir Suider-Afrika voordat hy die aanstelling in die departement ontwikkeling aanvaar het. Mnr. Van Zyl het in 1960 aan die Hoërskool Andrew Rabie in Port Elizabeth gematrikuleer waar hy ook hoofseun was. Daarna was hy twee jaar verslaggewer by Die Oosterlig. In 1964 het hy die graad B.A. aan die U.S. verwerf. Daarna was hy drie jaar verslaggewer by Die Burger en van 1968 tot 1977 was hy kunsredakteur van Hoofstad in Pretoria.



Mnr. Anton van Zyl



Mnr. Chris van der Merwe

Pragwerk van Botha en Fransen

Enkele weke voor die hoogtepunt van Stellenbosch se drie-eeuefeesvieringe is 'n treffende nuwe fotoboek, Ontdek Historiese Stellenbosch, bekend gestel. Die foto's wat daarin verskyn, is geneem deur Christo Botha, een van net 'n paar Suid-Afrikaners wat daarop kan roem dat van sy foto's al in National Geographic gepubliseer is, en die teks is geskryf deur Hans Fransen, gewese kurator van die Stellenbosse museum. Op dié foto, geneem op die bekendstellingsplegtigheid, kyk (v.l.n.r.) mnre. A. J. J. van Niekerk van die uitgewers H.A.U.M., Hans Fransen, prof. H. B. Thom en mnr. Christo Botha na die boek.

VROUE SE SKENKING UNIEK

Die Rektor, prof. Mike de Vries, en mev. Aletta Muntingh, voorsitster van die Vroueverenigingg, kyk hier na een van die spogskilderye wat amptelik deur dié Vereniging aan die Universiteit geskenk is.

ALTESAME 54 skilderye is 'n ruk gelede deur die Vroueverenigingg van die Universiteit amptelik aan die Universiteit oorhandig. Dit is 'n waardevolle skenking wat op 'n eie, besonderse manier oor 'n tydperk van sowat 30 jaar deur dié Vereniging byeengebring is.

'n Pragalbum waarin die 54 werke gekatalogiseer is, is deur mev. Aletta Muntingh, voorsitster van die Vroueverenigingg, aan die Rektor, prof. Mike de Vries, oorhandig. Prof. De Vries het dit aan mev. Doreen du Plessis van die Carnegie-biblioteek oorhandig vir veilige bewaring in die Universiteitsbiblioteek. Die oorhandigingsplegtigheid het in die Kunsmuseum van die Universiteit in Dorpstraat plaasgevind.

Van die bekendste name in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Skilderkuns is in hierdie versameling verteenwoordig. Daar is o.m. werke van Pierneef, Alfred Krentz, Francois Krige, Johannes Meintjies, Hugo Naudé, Maud Summer, Gregoire Boonzaaier, Nerine Desmond, Bettie Cilliers-Barnard, Alice Tennant en Florence Zerffi, skoonsuster van die eertydse Rektor, prof. B. Wilcocks.

Die skilderye is deur die jare op 'n baie besondere manier bymekaar gemaak. Sedert 1933, vertel mev. Muntingh, het die Vroueverenigingg as bron van inkomste uitstallings vir kunstenaars gereël wat hul werke ten toon wou stel. Die uitstallings is aanvanklik in die gebou vir huishoudkunde en later in die Carnegie-biblioteek aangebied en volgens ooreenkoms het die Vroueverenigingg 'n sekere persentasie, wisselend van 2½ persent, 5 persent en 10 persent, van die opbrengs van die verkope óf 'n skildery van die kunstenaar, as betaling ontvang.

In die notuleboek staan bedrae soos 3/6 (35c), 12/- (R1,20) en as hoogste bedrag £24 (R48,00) as wins vir hierdie funksies aangeteken! Sommige kunstenaars het verkies om 'n skildery in plaas van kontant te skenk en in ander gevalle het die Vroueverenigingg heeltemal bedroë daarvan afgekom.

In sommige gevalle is die skildery aan die Vroueverenigingg oorhandig en in ander weer aan die departement huishoudkunde.

Op hierdie wyse is tot in die jare sestig fondse ingesamel, waarna die praktyk in onbruik verval het.

Vandag hang 22 skilderye in die gebou vir huishoudkunde en dieselfde getal in die Carnegie-biblioteek. Die res is in die Administrasiegebou.

Mettertyd is besef dat die verantwoordelikheid vir en versorging van die skilderye by die Universiteit self tuishoort en om dié rede is die skilderye amptelik deur die Vroueverenigingg aan die Universiteit oorgedra.

Die skilderye sal bly hang waar hulle oor die jare heen in 'n eie regmatige posisie geskuif is as nog 'n tasbare bewys en bevestiging van die opoffering en lojaliteit van amptenaarsvroue teenoor die Universiteit van Stellenbosch.

Toe hy die Vroueverenigingg bedank het, het die Rektor gesê dié Vereniging het met vernuf en sake-insig 'n uiters waardevolle versameling opgebou. Hy het gesê wat hulle deur die jare opgebou het, kan nou op 'n veiling vir baie duisende rand gekoop word. Hy het die Vroueverenigingg geloof vir sy versiendheid want dit het nou gelei tot 'n besondere kultuurskat van Africana.

Prof. De Vries het voorts gesê die versameling skilderye is só kosbaar dat nóg die Universiteit, nóg die Vroueverenigingg so iets sou kon herhaal of bekostig.

„Met hierdie grootmoedige gebaar word die Universiteit nou die eienaar van 'n baie groot skat. Ons sal dit troetel en oppas. Ons nooi u en u nageslag om later self na u afgegewe skilderye te kom kyk en u daarin te verlustig. Nogmaals baie dankie aan al die reeds heengegane en huidige lede van die Vroueverenigingg van die U.S. U erflating sal steeds in waarde groei," het prof. De Vries gesê.

Prof. De Vries oorhandig 'n pragalbum waarin kleurfoto's van die skilderye gekatalogiseer is aan mev. Doreen du Plessis van die Carnegie-biblioteek vir veilige bewaring.

VAN ONS DONATEURS

Shell Suidelike-Afrika (Edms.) Bpk. het R40 000 bewillig vir die U.S. se Nagraadse Bestuurskool. Die geld sal aangewend word vir die uitbouing van die Bestuurskool se Bestuursontwikkelingsprogram vir swart en bruin sakemanne in Wes-Kaapland. Shell sal jaarliks R10 000 beskikbaar stel vir vier jaar. Dié foto is geneem met die oorhandiging van die eerste tjek van R10 000 deur mnr. K. R. McKenzie (tweede van links), direkteur van personeel dienste en openbare sake van Shell, aan die Rektor, prof. M. J. de Vries. Links staan prof. H. P. Muller, direkteur van die Nagraadse Bestuurskool, en regs is mnr. A. M. Liebenberg, Shell se bestuurder: openbare sake. Dié skenking sal dit ook vir die Bestuurskool moontlik maak om nog 'n personeellid aan te stel wat hom spesifiek op bovermelde sakegroepe sal toespits.

Mnr. Ronnie Melck (links), adjunkbesturende direkteur van Stellenbosch Boerewynmakery, oorhandig hier 'n tjek van R10 000 aan die U.S. se Rektor, prof. Mike de Vries. Die geld sal gebruik word vir die uitbouing van opleidingsgeriewe in die Universiteit se departement wynkunde in die fakulteit landbou. Prof. Hennie Louw, dekaan van die fakulteit landbou, het die tjekoorhandiging bygewoon.

Caltex Olie (SA) (Edms.) Bpk. se skenking aan die Universiteit se Eeufeestrustfonds beloop vanjaar R2 000. Op die foto ontvang die U.S. se direkteur van ontwikkeling, mnr. P. J. Lombard (regs), 'n tjek vir die bedrag van Caltex se verkoopsbestuurder (kleinhandel) in die Westelike Provinsie, mnr. F. R. Kotze. Links staan mnr. H. S. Visser, die departement ontwikkeling se senior ontwikkelingsbeampte belas met maatskappyskakeling.

Die skenking van die Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging aan die U.S. se Eeufeestrustfonds het vanjaar weer R2 500 bedra en was in die vorm van aandelesertifikate. Hier ontvang mnr. Piet Lombard, die Universiteit se direkteur van ontwikkeling die skenking van mev. Bernice du Plessis, lid van die plaaslike raad van direkteure van die Perm. Die oorhandiging is ook bygewoon deur (v.l.n.r.) mnr. J. Hollinshead, streekbemarkingsbestuurder van die bouvereniging in Kaapstad, mnr. W. A. Brüne, die Perm se streekbestuurder in Kaapstad, en mnr. Peter Frayne, takbestuurder op Stellenbosch.

Mnr. Pieter Botha, bestuurder van Santambank op Stellenbosch (middel), oorhandig hier 'n tjek van R1250 aan mnr. Piet Lombard, direkteur van ontwikkeling van die U.S. Mnr. A. G. van Oordt, Santambank se assistent-hoofbestuurder (Kaapstad), was ook teenwoordig. Die geld is in die Universiteit se Eeufeestrustfonds gestort.

Barclays Bank het vanjaar R4 000 aan die Universiteit van Stellenbosch se Eeufeestrustfonds geskenk. 'n Tjek vir die bedrag is aan die Rektor, prof. Mike de Vries (middel), oorhandig deur die bestuurder van die Stellenbosse tak van Barclays Bank, mnr. W. A. J. van Wyk. Links is mnr. J. A. Claassen, bestuurder (studentesake) van dié bank op Stellenbosch.

VAN ONS DONATEURS

Mnr. Chris van der Merwe (middel), bestuurder van United Bouvereniging op Stellenbosch, oorhandig hier die U.B.S. se jaarlikse skenking van R5 000 aan die Universiteit se direkteur van ontwikkeling, mnr. Piet Lombard. Vanjaar was die skenking in die vorm van permanente opbetaalde aandele. Die voorsitter van die plaaslike raad van die United, mnr. Willem Lubbe, verskyn regs op die foto.

Die Rektor, prof. Mike de Vries (middel), het hier pas 'n tjek van R3 000 van mnr. C. du P. Kuun, hoofbestuurder van Saambou-Nasionaal, in ontvangs geneem. Die geld is deur Saambou-Nasionaal geskenk vir die Eeufeestrustfonds. Links staan die bouvereniging se takbestuurder op Stellenbosch, mnr. Philip Els.

Senbank het vanjaar R1 000 aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk. 'n Tjek vir dié bedrag is aan die Rektor, prof. Mike de Vries (regs), in sy kantoor oorhandig deur mnr. Martin Vlok, geld- en kapitaalmarkbestuurder van Senbank in Kaapstad.



Kronenbräu het 'n aansienlike bedrag aan die Universiteit geskenk vir die oprigting van geriewe — waaronder 'n kiosk, die horlosie en die telbord — op die Danie Craven-stadion wat vroeër vanjaar amptelik in gebruik geneem is met die rugbykragmeting tussen Maties en Tukkies. Op die foto, wat geneem is in die Rektor, prof. Mike de Vries, se kantoor verskyn v.l.n.r. mnr. At Stander, Interkontinentale Bierverkope (I.B.V.) se provinsiale bestuurder vir Kaapland en die Vrystaat, mnr. Gerardus Steinmetz, besturende direkteur van I.B.V., prof. De Vries, en mnr. Robbie Blair, Kronenbräu se universiteitsverteenwoordiger in Wes-Kaapland.

Links: Allied Bouvereniging se jaarlikse skenking aan die U.S. se Eeufeestrustfonds is vanjaar met R500 verhoog. Hier oorhandig mnr. W. J. Steenkamp (regs), Stellenbosse takbestuurder van Allied, 'n tjek van R1 500 aan die Universiteit se direkteur van ontwikkeling, mnr. P. J. Lombard. Die oorhandiging is in mnr. Lombard se kantoor gedoen.

Onder: Die Trust Bank se bydrae van R1 000 aan die Universiteit se Eeufeestrustfonds word hier deur die bank se takbestuurder op Stellenbosch, mnr. Henri Gonin (tweede van regs), aan die Rektor, prof. Mike de Vries oorhandig. Die Trust Bank se hoofbestuurder, mnr. Jan Kühn (links), was ook teenwoordig asook mnr. Tobie le Roux, studentesakebestuurder in die Eikestad.

VAN ONS DONATEURS



Trio-Rand het vanjaar 'n duisend rand aan die Universiteit van Stellenbosch geskenk. Dié foto is op Stellenbosch geneem waar die tjek aan die Universiteit se direkteur van ontwikkeling, mnr. Piet Lombard (tweede van regs), oorhandig is. Die ander here is almal van Trio Rand. Hulle is v.l.n.r. mnre. Johan Pansegrouw, Tampan Jordaan en Anker Burger.

Die bekende ingenieursonderneming, Lillicrap Wassenaar & Vennote het vanjaar 'n skenking van R1 000 aan die Universiteit se Eeufeestrustfonds gedoen. Hier word die tjek deur 'n senior vennoot van die onderneming, mnr. J. W. L. Truter (links), aan die Universiteit se direkteur van ontwikkeling, mnr. P. J. Lombard oorhandig.



Dié foto is onlangs op Stellenbosch geneem toe Boland Bank weer 'n skenking van R250 aan die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van die U.S. gedoen het. V.l.n.r. verskyn mnr. Bert Myburgh, bestuurder van Boland Bank in die Eikestad, prof. Jan Sadie, hoof van die Buro, en mnr. Andries van Rooyen, sekretaris van Boland Bank op Stellenbosch, wat die tjek aan prof. Sadie oorhandig.

Dié foto is geneem toe mnr. Tertius Myburgh (links), besturende direkteur van Maskew Miller, 'n tjek van R2 000 aan die Universiteitskoor geskenk het. Die skenking is namens die Universiteit ontvang deur mnr. Piet Lombard, direkteur van ontwikkeling. Dr. Johan de Villiers (regs), dié beroemde koor se dirigent, lyk om klaarblyklike redes baie gelukkig – Maskew Miller het verlede jaar ook die koor se program geborg.

Biblioteekkunde mondig

DIE departement biblioteekkunde aan die U.S. is vanjaar 21 jaar oud. Die opleiding van bibliotekarisse het in 1958 begin toe die eerste tien studente vir die nagraadse hoër diploma in biblioteekkunde ingeskryf het. Daar is ook voorsiening gemaak vir 'n tweejarige laer diploma in biblioteekkunde, maar aangesien dié studente in hul eerste jaar net vyf gewone B.A.-vakke, met insluiting van Afrikaans en Engels, gevolg het, het hulle eers in 1959 by die biblioteekkundeklasse aangesluit.

Kursusse in biblioteekkunde is ingestel nadat dringende vertoë in 1957 deur die Kaapse Provinsiale Administrasie tot die Universiteit gerig is. Die Administrasie was besig om sy plattelandse biblioteekdiens drasties uit te brei en het 'n groot behoefte aan goedopgeleide en tweetalige jong Afrikaanse bibliotekarisse ondervind.

Op 1 Januarie 1958 het mnr. J. G. Kesting diens aanvaar as eerste senior lektor in biblioteekkunde. Hy was vier jaar lank die enigste voltydse dosent in biblioteekkunde en is op deeltydse basis bygestaan deur mnr. G. V. Marais, bibliotekaris, en mnr. F. du Plessis, onderbibliotekaris, van die Universiteitsbiblioteek. Eers in 1962 is een van sy oud-studente, mev. Lorinda de Klerk van die biblioteek, na sy departement gesekondeer om hom as voltydse lektrise by te staan. In Junie 1962 het mnr. Kesting die diens van die Universiteit verlaat om 'n betrekking by die Universiteit van Toronto in Kanada te aanvaar.

Op 1 Julie 1962 het mnr. D. L. Ehlers, voorheen adjunk-bibliotekaris van die Parlement, diens aanvaar as senior lektor en hoof van die departement. Hy het die graad B.A. in 1940 aan die U.S. behaal en die hoër diploma in biblioteekkunde in 1943 aan die U.K. In 1960 het hy 'n Hons.-B.A. in filosofie aan Unisa verwerf en in 1962 'n M.A. in dieselfde rigting aan die U.K. In 1968 het hy sy formele studie aan die Universiteit van Stellenbosch afgerond toe 'n D.Phil. in staatsfilosofie aan hom verleen is.

Met ingang van 1964 is daar voorsiening gemaak vir 'n vierjarige B.A. in biblioteekkunde en ook vir Honneurs- en M.A.-kursusse. Reeds so vroeg as 1966 is aandag gegee aan die moontlike opleiding van onderwyserbibliotekarisse. Toe reeds het enkele studente in besit van 'n primêre of sekondêre onderwysdiploma die laer of hoër diploma gevolg voordat hulle 'n onderwysloopbaan aanvaar het en hulle het dan 'n ekstra salariskategorie vir die biblioteekkwalifikasie ontvang.

Teen 1972 het die Universiteit egter verneem dat die Komitee van Onderwyshoofde nie meer bereid is om die bestaande biblioteekdiplomas vir salarisdoeleindes in die onderwys te erken nie. Daar moes toe met die K.O.H. onderhandel word om 'n bevredigende diplomakursus in skoolbiblioteekkunde aan te bied en uiteindelik is daar in 1974 ooreenkoms bereik en kon 'n goedgekeurde eenjarige spesialiseringsdiploma in skoolbiblioteekwese wat toeganklik is vir alle studente wat oor goedgekeurde

PROF. DIRK EHLERS is hoof van die departement biblioteekkunde. Hy beklee dié pos sedert 1 Julie 1962.

onderwyskwalifikasies beskik, met ingang 1975 aangebied word. Dié kursus het dadelik belangstelling gewek en die jaarlikse getal studente wat dit volg, wissel van 21 tot 37.

Die studentetal het van tien in 1958 geleidelik gegroei sodat dit vanjaar in die 21e bestaansjaar op 170 staan wat o.m. 10 Honneurs-, 12 M.A.- en 3 doktorskandidate insluit.

HIERBENEWENS is die departement ook verantwoordelik vir die aanbieding van skoolbiblioteekdiens as ekstra-kurrikulêre keusevak aan H.O.D.-studente dwarsdeur die akademiese jaar. Groot getalle studente volg jaarliks hierdie kursus en vanjaar het 84 daarvoor ingeskryf. Die departement het dus vanjaar eintlik 254 studente!

So 'n uitbreiding van die studentetal het natuurlik ook personeelimplikasies gehad. Die status van die hoof is in 1970 tot professor verhoog en in 1975 is een van die lektorposte opgegradeer tot senior lektor. Tans is die personeelposisie een professoraat, een senior lektoraat en vier lektorate. Die personeel word bygestaan deur 'n tegniese beampte A en die dienste van 'n halfdagtikster.

Die jongste toevoeging tot die kwalifikasies wat in biblioteekkunde verwerf kan word, is 'n B.Bibl. (Ed.) Dit is 'n vierjarige graadkursus.

Vanjaar vier die departement biblioteekkunde dus sy mondigwording. Meer as 1 000 studente sal teen Desember vanjaar reeds kursusse in dié rigting voltooi het. Die eerste doktorale kandidate in biblioteekkunde sal hopelik ook dan promoveer.

Dit is onmoontlik om verslag te gee van wat van alle oud-studente geword het. Net enkele opmerkings kan in dié verband gemaak word. Die hoof van die Instituut vir Mediese Literatuur; die hoof en adjunk-hoof van die biblioteekdiens van die O.V.S.; die adjunkhoofde van die biblioteek van die Universiteit van Port Elizabeth, die Kaapstadse Stadsbiblioteekdiens, die Suid-Afrikaanse Onderwysbiblioteekdiens; die bibliotekarisse van die Onderwyskolleges op Stellenbosch, Paarl, Wellington, Oudtshoorn en Graaff-Reinet; senior lektore in biblioteekkunde aan die U.O.V.S., Unisa en Stellenbosch en lektore aan Potchefstroom en Stellenbosch tel onder ons oud-studente. Die meeste van die onderwyserbibliotekarisse in Kaapland is ook op Stellenbosch opgelei.

Oudste Oud-Matie sterf

Mev. Eugenie Fraser, die Universiteit se oudste oudstudent, is onlangs in die ouderdom van 92 jaar in Bloemfontein oorlede. Sy het nog in dieselfde huis gewoon waar sy in Maart 1913 as bruid van mnr. Gordon Fraser ingetrek het.

Mev. Fraser het die graad B.A. in 1904 aan die toentertydse Victoria-Kollege verwerf. Sy was dus ten tyde van haar afsterwe akademies gesproke die oudste Oud-Matie aangesien daar niemand anders op rekord is wat nog lewe en wat voor 1904 'n graad op Stellenbosch behaal het nie.

Eugenie Fraser — sy was 'n nooi Marais en haar vader, prof. J. I. Marais, wat aan die Kweekskool verbonde was, het later die U.S. se eerste Kanselier geword — is op 9 September 1887 op Stellenbosch gebore en het aan Bloemhof skoolgegaan. Benewens Stellenbosch het sy ook aan Westfield-Kollege in Londen gestudeer toe haar vader na Denemarke is om sy studies voort te sit.

Sy het net een jaar in Bloemfontein skoolgehou voordat sy in die volgende jaar met mnr. Gordon Fraser, bekende prokureur van dié stad en swaer van president M. T. Steyn, getroud is. Hy is in 1941 oorlede.

Matieland se redakteur het vroeër vanjaar 'n draai gemaak by mev. Fraser aan huis in Parkweg, Bloemfontein. By dié geleentheid het sy teenoor hom opgemerk: „Ek woon vandag nog in dieselfde huis as wat ek en Gordon in 1913 as pasgetroudes betrek het. Ek is nog net so lief daarvoor as wat ek toe was. Trou kon ek nooit weer nie, want daar kon net eenvoudig nie weer 'n man soos Gordon wees nie. Hy was wonderlik ....''

Mev. Fraser laat twee dogters agter.

Nog een van die oudste Oud-Maties wat vanjaar te sterwe gekom het, was mev. Hildegarde Morrison. Sy was 91 en is op Stellenbosch oorlede.

Mev. Morrison het in 1908 'n graad in die natuurwetenskap aan die ou Victoria-Kollege behaal. Sy was die eggenote van wyle prof. John Todd Morrison wat 42 jaar hoogleraar in toegepaste wiskunde op Stellenbosch was — van 1892 tot 1943. Hy is in 1944 oorlede.

Mev. Morrison het in Harmonie ingewoon. Albei haar dogters, mev. Hildegarde Spottiswoode van Stellenbosch en mej. Gwennyth Morrison van Pretoria het aan die U.S. gestudeer, asook haar drie kleinseuns.

Mev. Morrison laat haar twee dogters, drie kleinseuns en ses agter-kleinkinders agter.

'n Man wat met reg beskou kan word as een van die grondleggers van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (die W.A.T.) is in Augustus na 'n lang siekbed op Somerset-Wes oorlede. Hy is mnr. Nicolaas van Blerk wat buiten vir een jaar toe hy aan die redaksie van 'n koerant verbonde was, van 1926 tot 1970 lid van die redaksie van die W.A.T. was. Met sy aftrede was hy senior mederedakteur.

Mnr. Van Blerk is op 12 April 1905 op Warrenton gebore. Hy het in 1921 op sestien matriek op Christiana geslaag en die hoogste punte in dié eksamen in Transvaal verwerf. In 1925 behaal hy die graad M.A. in Afrikaans aan die U.S. en van 1926 af werk hy saam met die bekende prof. J. J. Smith aan die W.A.T. in Kaapstad. Hy was 'n nederige innemende persoon wat geen eer of roem gesoek het nie—'n wydbelese leksikograaf met 'n grondige kennis van sy taal en 'n ware fynproewer van Afrikaans wat 'n reuse bydrae gelewer het tot die opstel van die W.A.T.

Mnr. Van Blerk word oorleef deur drie dogters, 'n seun en vyf kleinkinders.

'n Voormalige hoof van die departement geskiedenis aan die Universiteit, prof. P. J. van der Merwe, is in September oorlede. Hy was 66. Wyle prof. Van der Merwe, wat internasionaal bekend was vir sy navorsingswerk oor die Afrikaners in Rhodesië, het einde 1977 as hoogleraar op Stellenbosch afgetree.

Prof. Van der Merwe is op Griekwastad gebore waar hy sy skoolloopbaan in 1928 voltooi het. Daarna gaan hy na die U.S. waar hy B.A., M.A. en S.O.D. met lof slaag, In 1937 behaal hy die D.Litt. aan die Rijksuniversiteit van Leiden in Nederland en in 1948 word hy met die Akademieprys vir geskiedenis bekroon.

Prof. Van der Merwe was van 1938 aan die U.S. verbonde. Hy het in 1955 hoogleraar in geskiedenis geword en van 1959 tot einde 1977 was hy professor in Suid-Afrikaanse geskiedenis in die Jan Marais-leerstoel.

Sy publikasies behels o.m. die titels: Die Noordwaarste Beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842); Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842) en Pioniers van die Dorsland Trek (die mobiliteit van die pioniersbevolking aan die Kaap).

Wyle prof. Van der Merwe was 'n kenner van die vroeë Rhodesiese geskiedenis. Hy het van April 1950 tot Desember 1953 voltyds in Rhodesië navorsing gedoen. Van sy bekendste werke is daarna gepubliseer, en het internasionaal erkenning geniet.

Prof. Van der Merwe word oorleef deur sy vrou, 'n dogter en tweelingseuns.

'n Bekende inwoner van Stellenbosch en lid van die Universiteit se departement ontwikkeling, mnr. A. H. (Vossie) de Vos, is op 2 Oktober in die Groote Schuur-Hospitaal oorlede nadat hy lank ernstig siek was. Hy het op 2 Junie vanjaar 54 jaar oud geword.

Mnr. De Vos het die graad B.Comm. in 1945 aan die U.S. verwerf. Hy het 20 jaar in die wolbedryf in die Oos-Kaap gestaan en was ook agt jaar verbonde aan trustmaatskappye. Voordat hy op 1 Februarie 1974 aangestel is as ontwikkelingsbeampte in die departement ontwikkeling, was hy hoofbestuurder van die National Board of Executors wat enkele jare gelede by Syfrets Trust ingelyf is.

Mnr. De Vos het in Oktober 1974 senior ontwikkelingsbeampte geword. Hy het in 1978 ernstig siek geword en het 'n lang lyding deurgemaak.

Vossie—soos almal hom geken het—was 'n bekende sportman en het provinsiale kleure verwerf vir skyfskiet

toe hy in Oos-Kaapland gewoon het. Hy het ook vir die span van Grens gehengel. Daarbenewens was hy 'n kenner van ligte vuurwapens en 'n ywerige versamelaar van verskillende soorte koeëls. Mense uit alle dele van die land en Suidwes-Afrika het gereeld met hom geskakel om raad te vra oor wapens en ammunisie. Vroeër jare het hy ook gedien as kaptein in die Kommando's.

Mnr. De Vos word oorleef deur sy vrou, 'n dogter en twee seuns.

Die eerste en enigste vrou wat hoof was van die destydse Hugenote-Universiteitskollege op Wellington, dr. Anna J. D. de Villiers, is begin November in die hospitaal op Stellenbosch oorlede. Sy was 78.

Dr. Anna, soos sy bekend was, het in 1934 'n doktorsgraad in die lettere aan die U.S. verwerf. Later het sy aan die Universiteite van Gent en Leiden gestudeer. Die Universiteit van Londen het haar enkele jare gelede met 'n eredoktorsgraad vereer.

Dr. Anna was van 1940 tot 1950 hoof van die Hugenote-Universiteitskollege en was ook die eerste vrou wat as mederedaktrise in die redaksie van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal aangestel is.

Dr. De Villiers laat vier susters en 'n broer agter.

'n Bekende en gerespekteerde inwoner van die Paarl wat aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer het, is einde Augustus vanjaar oorlede. Hy was mnr. Wallace Roome. Mnr. Roome wat 82 jaar oud was toe hy dood is, het in die vroeë jare twintig die graad M.A. op Stellenbosch verwerf.

Dr. P. J. Loots, 'n afgetrede predikant wat tans in die Strand woon en wat vroeër etlike jare leraar van die Noorder-Paarl-gemeente was, sê met mnr. Roome se afsterwe is 'n skakel verbreek met 'n groot verlede. „Die familie Roome van die Paarl was altyd sinoniem met die wamakersbedryf. Hulle was landswyd bekend," het hy gesê. Dr. Loots, wat in 1939 as leraar in die Paarl aangeland het, sê mnr. Roome en sy vader, wyle mnr. Augustine Roome, het in hulle leeftyd ruim tot hul kerk bygedra. Mnr. Augustine Roome het help bou aan die kerk van die Noorder-Paarl-gemeente.

Mnr. Wallace Roome word oorleef deur sy vrou, mev. Susie Roome.

Ds. Gert Johannes (Gerjo) van der Merwe, leraar van die jong N.G. gemeente Hottentots-Holland op Somerset-Wes, is in Augustus vanjaar oorlede nadat hy 'n groot operasie in die Tygerberg-Hospitaal ondergaan het.

Ds. Gerjo, soos hy bekend was, het hom as onderwyser aan die U.S. bekwaam waar hy die graad M.A. in Afrikaans verwerf het. Nadat hy etlike jare in die onderwys gestaan het, het hy op betreklike gevorderde ouderdom na Stellenbosch teruggekeer om predikant te word. Hy is in 1958 gelegitimeer en sy eerste gemeente was Victoria-Wes.

In 1964 het hy leraar van die Moedergemeente op Somerset-Wes geword. Twee jaar later het die nuwe gemeente Hottentots-Holland van die Moerdergemeente afgestig met ds. Gerjo as leraar.

Ds. Gerjo, 'n broer van die bekende Boerneef, het 'n belangrike aandeel gehad in die hersiening van die gesange. Hy was verantwoordelik vir die eerste honderd gesange uit die ou boek.

Hy laat sy vrou en ses kinders agter.

'n Bekende teoloog en afgetrede dosent van die Kweekskool aan die Universiteit van Stellenbosch, prof. J. C. G. Kotzé, is einde Oktober in die Strand oorlede. Wyle prof. Kotzé het in 1970, toe hy reeds 69 jaar oud was, ná 14 jaar as Kweekskooldosent op Stellenbosch, afgetree.

Hy is in 1901 op Nieuwoudtville gebore, en nadat hy in 1928 aan die Kweekskool op Stellenbosch gelegitimeer is, word hy in 1929 in sy eerste gemeente, Stanford, geordeen.

Gedurende 1946-1948 studeer hy aan die Universiteit van Princeton, waar hy sy doktorsgraad behaal. In 1956 word hy hoogleraar in die amptelike kerkvakke (diakoniologiese vakke) op Stellenbosch.

Hy word oorleef deur sy weduwee en 'n dogter.

'n Oud-Matie en leraar van die N.G.-gemeente Maitland, ds. Johannes Daniel Steenkamp, is in Augustus oorlede. Hy was 55 jaar oud.

Ds. Steenkamp word oorleef deur sy vrou, twee seuns en twee dogters.

Ds. Lucas Johannes Theron wat hom as predikant op Stellenbosch bekwaam het, is in Julie vanjaar in die ouderdom van 49 jaar op Stanger oorlede.

Ds. Theron word oorleef deur sy vrou en sewe kinders.

Ds. Melgaard Johannes Keller van die gemeente Uitenhage-De Mist is onlangs in die ouderdom van 63 jaar oorlede.

Ds. Keller laat sy vrou, twee seuns en 'n dogter agter.

Nog 'n predikant van die N.G. Kerk wat sy akademiese en teologiese opleiding op Stellenbosch geniet het en in die afgelope maande oorlede is, is ds. Hermanus Johannes Klem. Hy was 58.

Matieland het ook met leedwese verneem van die afsterwe van die volgende oud-studente

- **Dr. Frederik Johannes Kok — hy was verbonde aan die Departement Landboutegniese Dienste en het die graad B.Sc. (landbou) in 1941 aan die U.S. verwerf;**
- Dr. P. D. Henning — hy was ook verbonde aan die Departement Landboutegniese Dienste en vroeër dosent in akkerbou aan die U.S.;
- **Mnr. M. A. (Charlie) Gronum — afgetrede skoolhoof wat o.m. drie boeke geskryf het oor die Tweede Vryheidsoorlog. Hy het die graad B.A. in 1921 op Stellenbosch behaal;**
- Mnr. C. J. Hoogendyk — hy het in 1968 'n graad in die ingenieurswese aan die U.S. verwerf;
- **Mnr. H. H. Buhr — hy het die graad B.A., LL.B. in 1975 op Stellenbosch behaal;**
- Mnr. Gert Marthinus Ferreira — hy was inwoner van Dagbreek en het die graad M.Sc. in 1941 behaal;
- **Dr. Michael Jordaan — een van die eerste dosente aan die U.S. se fakulteit van geneeskunde. Nadat hy die graad D.Phil. in 1932 verwerf het, het hy hom aan die Universiteit van Leipzig as geneesheer bekwaam;**
- Mnr. F. G. J. Wiid — hy het in 1931 in die regte op Stellenbosch afstudeer en was op Vereeniging woonagtig.

(Elke tablet bevat Kaff. Sit 90 mg., Kaff. Alk. 90 mg)

'Lert maak jou wakker.



Lomerigheid op die verkeerde tyd kan verwoesting saai in jou lewe. Dit kan 'n ongeluk veroorsaak. Dit kan die verskil beteken tussen slaag of druip in 'n eksamen. Dit kan jou daardie belangrike wedstryd laat verloor. Van jou 'n nat lap maak op 'n partytjie.
Neem liewers snelwerkende, doeltreffende 'Lert-tablette om jou daardie op-en-wakker, in volle-swang gevoel te gee. 'Lert tablette is sonder voorskrif by jou apteek beskikbaar.
Moenie jou lewe omskep in 'n yslike groot gaap nie.
Word wakker met 'Lert!

GREY ADVERTISING AND MARKETING 11-227/A

Dr. L. D. Boonstra se nagedagtenis gehuldig

DIE nagedagtenis van 'n Oud-Matie en een van Suid-Afrika se bekendste en kleurrykste wetenskaplikes, dr. L.D. Boonstra, gaan voortaan gehuldig word deur die jaarlikse toekenning van 'n beurs vir gevorderde studie en navorsing in die paleontologie aan die Universiteit van Stellensbosch.

Wyle dr. Boonstra, eertydse hoofpaleontoloog van die S.A. Museum in Kaapstad, was 'n wêreldkenner op die gebied van die primitiewe soogdieragtige reptiele van Suid-Afrika en Rusland. Vir die studie van laasgenoemde het hy Rusland onder meer in die vyftigerjare besoek.

Dié beurs sal kom uit die jaarlikse opbrengs van 'n skenking van R10 000 wat dr. Boonstra se erfgename (sy weduwee en vier kinders) uit sy nalatenskap aan hulle vir die Universiteit van Stellenbosch beskikbaar gestel het. Die weldoeners is sy weduwee, mev. I. V. Boonstra van Kaapstad, sy dogter, mev. H. M. Ross, en sy seuns, mnre. H. G. van D., D. M. en G. Boonstra.

Die eerste Boonstra-beurs is onlangs toegeken aan mnr. J. A. van den Heever, 'n Ph.D.-student aan die U.S. Hy bestudeer die Karoo-agtige reptiele van die Perm-tydperk.

Stellenbosch is die enigste Afrikaanse universiteit en een van die enigste twee Suid-Afrikaanse universiteite wat die paleontologie as 'n afsonderlike studierigting aanbied.

Dr. Boonstra het die grade B.Sc. in 1926, M.Sc. in 1928 (albei cum laude) en sy doktorsgraad in 1930 aan die U.S. behaal. Kort nadat hy die graad B.Sc. behaal het, het hy aan die S.A. Museum begin werk, waar hy gedurende 'n leeftyd van toewyding aan sy vakgebied o.m. 'n belangrike bydrae gelewer het tot dié museum se waardevolle fossielversameling. Hy was 70 jaar oud toe hy in 1975 in Kaapstad oorlede is.

Met die toekenning van die eerste Boonstra-beurs onlangs op Stellenbosch is die ontvanger daarvan mnr. Jurie van den Heever (tweede van links), hier saam met die dekaan van die Universiteit se fakulteit natuurwetenskappe, prof. J. A. de Bruyn, mev. I. V. Boonstra en mnr. H. G. van D. Boonstra afgeneem.

Bo: Prof. Jannie, sy vrou, Geraldine, en hulle drie dogters (v.l.n.r.) Marié, Jeanne en Ilse, is hier op die afskeidsgeselligheid afgeneem. Die egpaar se ander twee kinders, Tobie en Gerrie, kon ongelukkig nie teenwoordig wees nie. Prof. De Villiers se kinders het almal op Maties gestudeer—Ilse het vanjaar die graad B.A. cum laude verwerf, Jeanne het arbeidsterapie gedoen, Marié het B.Comm. (sy is mev. De Wet en woon in die distrik Caledon), Gerrie het in die regte gestudeer en Tobie is geneesheer.

Links: Hier het Stellenbosch se visekanselier, dr. Kosie Gericke, pas 'n televisiestel as afskeidsgeskenk aan prof. Jannie (links) oorhandig. Die stel is reeds in sy vakansiewoning op Hermanus geïnstalleer.

Prof. Jannie se afskeid

Die Universiteit het op 20 Augustus tydens 'n dinee in die Langenhoven-studentesentrum amptelik afskeid geneem van die gewese Rektor, prof. Jannie de Villiers en sy vrou Geraldine.

Prof. De Villiers is weens gesondheidsredes gedwing om einde Junie vanjaar uit te tree. Hy was 9½ jaar Rektor.

Die geselligheid is deur sowat 500 genooide gaste bygewoon en die Universiteitskoor onder leiding van Johan de Villiers, wat prof. Jannie en sy vrou altyd baie ná aan die hart gelê het, het ook opgetree.

Die vise-kanselier, dr. Kosie Gericke, het prof. en mev. De Villiers in 'n toespraak geloof vir die diens wat hulle aan die U.S. gelewer het. Hy het namens die Universiteit 'n televisiestel—vir prof. Jannie se vakansiewoning op Hermanus—aan hom oorhandig.

Mev. Bettie Gericke, die vise-kanseliersvrou, het kandelare van egte silwer aan mev. Geraldine de Villiers oorhandig.

Bo: Prof. Jannie de Villiers praat vir oulaas aan die U.S. Hy het onder meer gesê dit was vir hom 'n groot eer om byna tien jaar Rektor van Stellenbosch te kon gewees het. Buiten vir die laaste ses maande van vanjaar was prof. De Villiers die ganse sewentigerdekade Rektor van die U.S.

Onder: Dr. Johan de Villiers (links), leier van die beroemde U.S.-Koor, oorhandig sy koor se nuutste plaat aan prof. Jannie. Die Universiteitskoor is spesiaal na die afskeid genooi om prof. en mev. De Villiers toe te sing.

Onder: Mev. Geraldine de Villiers (links), ontvang 'n afskeidgeskenk van egte silwer kandelare van mev. Bettie Gericke, eggenote van die Universiteit se vise-kanselier, dr. Kosie Gericke. Oud-Rektor, prof. H. B. Thom, verskyn in die voorgrond.

PRYS HERDENK HERR ENDLER

deur
FRITS STEGMANN

IN Augustus vanjaar het prof. Richard Behrens, direkteur van die U.S. se Konservatorium, 'n spesiale eetmaal gereël om mev. Yvonne Richter en mev. Dorothy Johnman (weduwee van die bekende mnr. Charles Johnman van die departement Engels) te bedank vir die instelling van die Hans Endler-herdenkingsprys vir toekomstige belowende studente van strykinstrumente (veral die tjello).

Die gedagte aan dié toekenning het ontstaan by mev. Richter, wyle prof. Hans Endler se dogter. By geleentheid van die honderdjarige herdenking van sy geboortedag het sy Herr Endler se tjello vir dié doel aan mev. Johnman aangebied.

Laasgenoemde het hierdie historiese tjello vir R500 verkoop en die twee dames het persoonlik nog R500 bygedra. Die totale bedrag van R1 000 is verlede jaar aan die Konservatorium oorgedra.

Die instelling van die Hans Endler-herdenkingsprys word nou bekend gestel met die oog daarop dat sy oudstudente en diegene wat hom geken en besef wat hy daar gestel het, die geleentheid kan kry om tot hierdie fonds by te dra.

Hans Endler was seker die belangrikste stigter van die Stellenbosse Konservatorium vir Musiek. Dit is betekenisvol dat die konsertsaal in die nuwe Konservatorium sy naam dra.

Johann Franz Endler is op 1 Februarie 1871 in Mohrau, Morawië, gebore. Hy is in 1890 na Wenen, waar hy aan die Musiekakademie studeer het onder leiding van Jakob Grün (viool), Ferdinand Hellmesberger (tjello), Grädener (harmonie) en Adolph Prosniz (musiekgeskiedenis).

Hans Endler was 'n lid van die Weense Filharmoniese Orkes onder leiding van sulke vermaarde dirigente soos Brahms, Grieg en Hans Richter.

In die orkes van Johan Strauss het hy in hofonthale gespeel, en as kamermusikus het hy opgetree voor sommige van sy beroemdste tydgenote soos Dvorak en Richard Strauss. In 1897 vertrek hy na Londen om aan te sluit by die Queen's Hall-orkes onder leiding van Sir Henry Wood.

Karl Metzler het Hans Endler in 1903 oorreed om na Suid-Afrika te verhuis om by 'n beoogde Kaapstadse opera-orkes aan te sluit. Hier vind hy egter geen orkes nie maar vestig hom op Stellenbosch waar hy spoedig 'n orkes van 47 lede byeenbring vir 'n simfoniekonsert.

In 1905 was Hans Endler medestigter van die Stellenbosse Konservatorium, waarvan hy van 1921 tot 1934 die hoof was en waar hy talle musici ten beste beïnvloed het. Hy het as't ware die Europese musiekkultuur na Suid-Afrika verplant.

Hy het baie oratoria en musiekblyspele (veral dié van Gilbert en Sullivan) in Stellenbosch opgevoer asook twee van sy eie operettes, ,,Pa se dogter'' (1935) die eerste in Afrikaans, en ,,In old Vienna'' (1938).

In Europa is kennis geneem van Herr Endler se besondere bydrae tot die musieklewe van Suid-Afrika, en in 1908 is hy deur die Oostenrykse keiser tot Ridder van die Orde van Franz Joseph geslaan.

Almal wat die voorreg gehad het om met Hans Endler saam te werk, sal saamstem dat hy nie alleen 'n rasegte musikus van die hoogste gehalte was nie, maar 'n gemoedelike en minsame persoon sonder weerga. Hy was een van die dierbaarste mense wat ek ook geken het. Daarbenewens was hy een van die vernaamste musici in ons hele geskiedenis.

Dit is algemeen bekend dat Hans Endler al die ontbrekende geld vir sy opvoerings en uitvoerings uit sy eie sak betaal het. Sy ander dienste aan die gemeenskap en veral ten opsigte van die kinders en jeug is minder bekend.

Hoewel hy self dit altyd finansieel moeilik gehad het, het hy talryke skoliere en studente verniet onderrig. Hy het alles in sy vermoë gedoen om aan verdienstelike studente wat bystand kortkom, die nodige hulp te verleen.

So het hy oor twee jaar verskeie instansies om bydraes genader om uiteindelik £36 bymekaar te bring. Hy het dié geld aangebied as die prysgeld in drie ope kompetisies aan die Konservatorium met 'n prys van £12 vir elk.

Dit het beteken dat drie studente elk 'n jaar vry onderrig sou ontvang (die fooie was destyds £3 per kwartaal!) Hierdie drie pryse is toe toegeken aan Else Luckhoff (viool), Dorothy Radloff (later mev. Johnman) en Vera Droomer (klavier).

Hans Endler verdien 'n waardige en tasbare nagedagtenis. Bydraes vir die fonds tot sy herinnering kan gestuur word aan Die Hans Endler-Herdenkingsprys (Hans Endler Memorial Prize), Konservatorium, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600.

Mev. Yvonne Richter (regs) en mev. Dorothy Johnman saam met prof. Richard Behrens.

RESEARCH VESSEL FOR MATIES

A SOUTH AFRICAN-owned big-game fishing craft, the Mako, which for two years had been "locked" by officialdom in the port of Maputo in Mozambique, arrived in Table Bay recently as deck cargo, to become the first ocean-going vessel to be attached to the University of Stellenbosch.

The twin-engined vessel of 10,6 metres has a range of nearly 1 000 miles, and has been donated to the University by its former owner, Dr E. T. S. "Ted" Brown, one of the prime movers in the establishment last year of a research chair at Stellenbosch in Ocean Engineering. He is a former chairman of L.T.A., a leading construction group, and was chairman of the Zamco Consortium in the construction of the Cabora Bassa hydro-electric scheme on the Zambezi.

Dr Brown was at Table Bay docks when the craft was unloaded from the container ship Kolsnaren. Prof Deon Retief, who heads the research project in Ocean Engineering at the University, and prof. André Coetsee, head of the Department of Civil Engineering, were also present.

Dr Brown succeeded in having the vessel released from Maputo in August, and with the assistance of Safmarine and South African Railways, had it shipped to the Cape. The Mako cost Dr Brown about 35 000 U.S. dollars when he bought it several years ago.

The vessel is at present being reconditioned in the Faculty of Engineering at Stellenbosch. This work is expected to last well into the new year and thereafter the craft will most probably be based at Gordons Bay.

The project in Ocean Engineering at Stellenbosch University has as one of its prime objectives the large scale generation of energy from sea motion. South Africa's coastal shelf is said to be practically perfect for this purpose as waves are of more constant duration and therefore more suitable than anywhere in, for instance, the U.K. or Europe. The Mako will be of great help in conducting research of this nature.

Above:
The University's first ocean-going vessel is seen here in Table Bay docks shortly after being unloaded from a container ship which had conveyed it from Maputo in Mozambique.

Right:
Prof Deon Retief (left) and Dr Ted Brown in front of the Mako which the latter has donated to the University of Stellenbosch for research in Ocean Engineering. The vessel is at present being reconditioned in the Faculty of Engineering.

SAL 9140/1 Lindsay Smithers - FCB

U.S. 'n eg nasionale inrigting

ELKE nasie het sy eie lewe, sy ideale, beginsels, waardes en doelstellinge. Die kultuur van die Afrikaner is nog jonk. Ons is steeds besig om op velerlei wyse terrein te kies en fondamente te lê; ook hier roep die Afrikanervolk om 'n nasionale selfstandigheid.

Dit is uit die stryd om hierdie nasionale selfstandigheid dat 'n hoër opvoedkundige inrigting in 1866 te Stellenbosch in die lewe geroep is. Destyds was daar wel voldoende opvoedkundige fasiliteite, maar 'n Afrikaanse karakter en atmosfeer het ontbreek. Uit hierdie volksbehoefte is die Stellenbosch Universiteit gebore.

So 'n nastionale inrigting het natuurlik in sommige kringe groot teenstand veroorsaak. Dat Stellenbosch opregte nasionale Afrikaners geskep het, en nie Brits georiënteerde Afrikaners nie, was eens te veel vir die "Empire Builder" Cecil J. Rhodes. Hy stel in 1896 voor dat 'n "Teaching University" op Groote Schuur opgerig word waarin die South African College van Kaapstad en die Viktoria Kollege van Stellenbosch sou opgaan. Die Oxford-Universiteit sou as model dien. Die ondersteuners van Stellenbosch het dadelik gevoel "dat in het geval van de zelfvernietiging van Stellenbosch, Zuid-Afrika weinig te wennen, veel te verliesen had".

Toe die Regering in 1908, ná Werner en Beit se skenking van £500 000 vir dié doel met so 'n voorstel aan die dag kom, rig prof. Moorrees, dr. D.F. Malan en mnr. J.G. van der Horst 'n Memorandum wat groot opspraak verwek aan die Eerste Minister. Daarin lees ons o.a. "Stellenbosch, die wegens haar nabyheid aan Groote Schuur meer dan enige ander zwaar te leiden sal hebben, is zinds jaren innig verbonden met het geestelik, zedelik en nationale leven van het Hollandssprekende gedeelte van het Volk. Zij is het best vervulling van een diep gevoelde behoefte die het volk nog gevonden heeft. *Zij staat voor en idee!*"

Die gewraakte wetsontwerp is wel by die Volksraad ingedien, maar is verwerp. Dit het die Rhodes-idee vir goed die kop ingeslaan. Stellenbosch se bestaanstryd om 'n eie wese was nou verby, en hy kon nou met gerustheid sy kultuur- en tradisie-skeppende taak voortsit.

Alleen die uitleef van hierdie ideële roeping: om die middelpunt en, meer nog, die bakermat te word van die hoër Afrikaanse geestelike lewe, regverdig sy bestaan as universiteit.

Maar wat is hierdie Afrikaanse geestelike lewe? Ons laat prof. Brummer aan die woord: "En die kultuur sluit veel meer in dan blote opvoeding. De kultuur sluit in de gehele zedelikheid en mentaliteit van het volk, zijn idealen en overtuigingen, zijn geest en eigenaard, zijn instellingen en gebruiken, godsdienst en tradisies" en volgens prof. Diederichs is dit "'n geesteshouding, 'n lewensrigting wat elke uiting van die siel deurdring en elke aspek van die lewe kleur". Hierdie nasionale gees lei tot die daarstelling van 'n vasgestelde lewensrigting, 'n bepaalde lewensideaal om na te streef, wat kan voorkom dat persone rondgeslinger word te midde van allerlei strominge.

Oud-minister Jan Haak het as student in 1936 'n artikel geskryf oor Stellenbosch as Volksuniversiteit. (Dit het ook daardie jaar in die Stellenbosse Student verskyn.) In Matieland 1:78 is berig wat die Rektor, prof. Mike de Vries en prof. Ben Vosloo, hoogleraar in staatsleer en publiek administrasie, o.m. in dié verband gesê het.

Die ooreenkoms met wat bykans 43 jaar gelede geskryf is, is plek-plek nogal merkwaardig. Mnr. Haak het in 1936 soos volg hieroor uitgewei . . . .

Hierdie nasionale lewensbeskouing ken geen duidelike omskrywing nie, maar kan alleen vasgestel word deur met ore, (ge-)skerp deur medegevoel en liefde, te luister na die roering in die volksgemoed, wat, onduidelik soos hulle self is, die enigste veilige leidraad is. Dit is die uiting van hierdie nasionale lewensbeskouing wat soos 'n goue draad deur Stellenbosch se geskiedenis loop. So sterk was hierdie drang dat selfs die "Sunday Times" erken: "Stellenbosch, in its quiet way, has exerted more influence in South Africa than any of the universities; this influence has been decidedly in favour of the spirit of Afrikaner nationalism".

Die kultuur van die Afrikaner is nog jonk, en daarom kan daardie kultuur nie toelaat dat allerhande mense met uitheemse denkwyse tot sy geledere toetree nie. Ons geestesgoedere moet ons so rein, so skoon, so ryk moontlik behou. Met vertroue en vasberadenheid gaan Stellenbosch as kultuurskepper die toekoms tegemoet, alleen omdat hy gesteun word deur sy uitstekende tradisie.

"Onvry is a nasie," aldus Diederichs, "as hy sy eie geestelike persoonlikheid verloën en prysgee vir vreemde ideale wat met sy diepste wese nie strook nie. Vry is die nasie as die geestelike in hom triomfeer bo alles wat vreemd en on-eie is". Waar ons te staan kom teenoor modernisme is dit dié vryheid wat in ons gedagte moet bly. Ons moet streef om ons eie aard suiwer en louter te bewaar.

Onder die vloedgolf van liberalisme word 'n mens geleer om geen kant te kies nie. Hierdie liberalistiese gees maak van 'n mens 'n koerslose en kleurlose wese. Dit verkondig die teorie van die goue middelweg. As Stellenbosch die dag so ver gevorder is om daardie weg te kom volg, dan sal hy aan geestelike honger doodgaan en homself skuldig maak aan nasionale selfmoord. Ons het 'n indiwidualiteit bereik deur die uitleef van ons nasionale lewensbeskouing. Gaan ons nou rus op ons louere, of gaan ons bou op ons roemryke verlede en aan die toekoms 'n hegter fondament bied?

Departement Ontwikkeling soek nog ou foto's

SÓ het die dames van Harmonie in 1909 daar uitgesien. Dié historiese foto is aan die departement ontwikkeling gestuur deur mev. A. Botha van Florida aan die Wes-Rand. Sy staan sewende van links in die derde ry en toe die foto op 25 April in daardie jaar geneem is, was sy nog 'n nooi Vermeulen.

Indien daar nog van die dames is wat hier saam met mev. Botha verskyn, kan hulle gerus met die departement ontwikkeling in verbinding tree. Skryf aan: mnr. Andries Esterhuyse (adjunk-direkteur), Departement Ontwikkeling, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600.

Die dames op die foto is in die voorste ry v.l.n.r.: Susie Nel, Gladys Nel, Jessie Keizer, Bessie Booysen, Dolly Malan, Elsebe de Villiers, Mabel Laurence en 'n onbekende dame. Tweede ry v.l.n.r.: Lily Cloete, Margaret Louw, Maggie Schweizer, Ellie Basson, Lily Christie, Isbella le Roux, Bettie Smith, Gladys Dixon, Dora le Roux, Mabel Raubenheimer, Mattie Enslin en Myrtle van der Hoven. Derde ry v.l.n.r.: Kate Albertijn, Gertie de Vos, Helen van der Walt, Tillie Visser, Loodjie Steenkamp, 'n onbekende, Susanna Vermeulen, Kitty du Plessis, Corrie van der Meulen, Lulu Schweizer, Joey Steyn en Ethel Keller. Vierde ry v.l.n.r.: Dorothy Brumm, Dolly Atmore, Annie le Roux, Amy Bosman, Lulu Brumm, Anne Upton, Hester Burger, Martie Olivier, Margaret Steenkamp, Mimmie du Plessis en Kitty Retief. Vyfde ry v.l.n.r.: Annie van der Merwe, Lottie Keet, Annie van der Merwe, Bettie du Toit, Kitty Steyn, Ada van der Merwe, Borrie Malherbe, Elfie Liebenberg, Mabel de Kock, Hester van der Meulen, Lizzie Dauth en Maria Nel. Agterste ry v.l.n.r.: Margaret du Toit, nog 'n mej. du Toit, Baby Venter, Lilian Cohen, Bettie Nel, Baby Joubert, Caroline Smith, Annie Boonzaaier, 'n onbekende, en Lydia Malherbe.

Indien daar plek-plek 'n naam of van is wat ons nie presies reg aangegee het nie, is dit omdat hulle baie jare gelede agterop die foto geskryf is en nie meer so duidelik leesbaar is nie.

Vir Lofwaardige Diens...

DRUKWERK- EN VERPAKKINGSPESIALISTE

TRIO-RAND DRUKKERS Tel. 53-2011
S.A. LITHO CO. LTD. Tel. 53-2011
PREMIER STATIONERY Tel. 53-2011
REPROGRAPH REPRODUCTIONS Tel. 53-2011
AFRIC MAIL ADVERTISING Tel. 45-4301
STANDARD PRESS Tel. 53-2011
SPECTRUM OFFSET Tel. Johannesburg 836-9391
DAGBREEK PERS (KAAP) Tel. 53-2011
KOMPERPRINT Tel. 53-6106
MASKEW MILLER Tel. 22-4151, 45-7731
PLASTICWRAP Tel. 53-2011

TRIO·RAND/S.A.LITHO
GROEP VAN MAATSKAPPYE

In Pietermaritzburg, het John Herridge en sy vriende ontdek mens kan goeie wyn sonder seremonie geniet

KELLERPRINZ -HUISWYNE

Die wyn waarmee Suid-Afrikaners tuis voel

Kellerprinz-huiswyne het ontspring uit 'n eenvoudige ideaal wat lank reeds nagestreef word in lande soos Frankryk, Duitsland en Portugal: "Elke huis verdien die alledaagse vreugde van 'n goeie wyn."

In hierdie tradisie bied Kellerprinz u sewe waarde-vir-geld Huiswyne van puik gehalte. Probeer hulle: Dis die wyne waarmee u tuis sal voel.

Tassenberg	droë, ligronde rooiwyn
Amorosa	halfsoet rooiwyn
Rosanne	delikate, halfsoet rosé
Stein Perlé	ligte, wit perlé
Stein	halfsoet witwyn
Roma White	droë witwyn
Late Harvest	sagronde, soet witwyn

SFW

VZ77/2986